# 'N TEMPORALITEITSPEDAGOGIESE STUDIE VAN DIE VENNOOTSKAP KERK EN SKOOL MET SPESIALE VERWYSING NA DIE WERK VAN DIE MORAWIESE BROEDERKERK TE GENADENDAL 1737 - 1989

deur

**Frederick Lionel Abrahams**

BA; B Ed

Pectora roborant cultus recti

TESIS INGELEWER TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD VAN MAGISTER IN DIE OPVOEDKUNDE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

**Studieleier:** Dr J C Steyn

Stellenbosch

November 1989

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


## OPSOMMING

Vele geskrifte oor die geskiedenis van die Morawiese Broederkerk in Suid-Afrika en oor Genadendal in besonder het al die lig gesien.

In hierdie tesis egter, word 'n poging aangewend om deur middel van 'n temporaliteitspedagogiese studie die vennootskap tussen kerk en skool aan te dui. Die doel van die studie is om vas te stel watter bydrae die Morawiese Kerk veral in Genadendal ten opsigte van opvoeding en onderwys gemaak het.

Die tydperk wat gedek word is vanaf 1737 met die aankoms van Georg Schmidt aan die Kaap tot op die hede. Die klem val hoofsaaklik op Genadendal met enkele verwysings na ander werkplekke van die kerk in Wes-Kaapland.

Die navorsingsmetode wat gebruik is, is die van die hantering van primêre en sekondêre bronne, vraelyste en persoonlike onderhoude. Afgesien van die inleidende hoofstuk bestaan die tesis uit 4 verdere hoofstukke.

In hoofstuk 2 word 'n historiese oorsig gegee oor die faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat sendelinge na die Kaap gestuur is om onder die inboorlinge te aarbei en 'n oorsig van toestande aan die Kaap met die aankoms van die sendelinge alhier.

Daar word ook verwys na die doelstelling van die kerk met die uitstuur van die sendelinge. Verder word melding gemaak van die praktiese opleiding in verskillende ambagte en landbou wat deur die sendelinge aan die inboorlinge verskaf is. In besonder word in hierdie hoofstuk aandag geskenk aan onderwys en die uitbreiding daarvan: onder andere die oprigting van 'n opleidingskool vir onderwysers, 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sekondêre skool, die oprigting van 'n museum, 'n drukkery en boekdepot.

In hoofstuk 3 word die drieledigheid van ouerhuis, kerk en skool onder loep geneem. Hier word in besonder gekyk na die onderskeie bydraes en taak van die ouer, in die opvoeding van die kind en die opvoedingsvennootskap van veral kerk en skool.

Hoofstuk 4 is 'n evaluering van die opvoedingswerk van kerk en skool te Genadendal. Hierin word spesiaal aandag gegee aan die opvoedkundig-christelike norme wat toegepas is ten opsigte van die omhoogleiding van die kind tot volwassenheid en 'n rekenskapgewing van die christelik-opvoedkundige waarde van die opvoedingswerk te Genadendal.

Hoofstuk 5 word hoofsaaklik gewy aan 'n samevatting, gevolgtrekking en toekomsperspektief. Hierin word 'n samevatting gegee van die bevindinge van hierdie studie. Verder word die gevolgtrekking waartoe die skrywer gekom het, ten opsigte van hierdie onderwerp weergegee.

Ten slotte word 'n kort toekomsperspektief gestel. Die opvoedingsrol van die kerk word heroorweeg in die lig van eietydse en toekomseise.

**SUMMARY**

Much has been written about the history of the Moravian Church in South Africa and especially about Genadendal. In this thesis however, an effort is made by means of a temporality-pedagogic study to show the relationship, in the field of education, between church and school.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The aim of this study is to establish the contribution made by the Moravian Church, especially in Genadendal with regards to education and schooling.

The period covered by this study is from the arrival in 1737 of Georg Schmidt at the Cape to the present. Special emphasis is placed on the role played by Genadendal in this regard, with minor reference to other stations of the church in the Western Cape.

The research method that was used, was by means of handling primary and secondary sources, questionnaires and personal interviews. Apart from the introductory chapter the thesis consists of 4 further chapters.

In chapter 2 a historical review is given with regards to the factors that prompted the church to send missionaries to the Cape to do mission work amongst the local inhabitants and a review of the conditions at the Cape at the time of their arrival. Mention is also made of the aims and objectives of the church in sending out these missionaries. Reference is also made of the practical training given by the missionaries to the local inhabitants in the various fields of trade and in agriculture. In this chapter special attention is given to education and the expansion thereof: inter alia the establishment of a teachers training school, a secondary school, the establishment of a museum, printing works and a bookshop for church literature.

In chapter 3 the three-dimensional relationship between the family home, church and school is closely scrutinized. Special attention is paid to the various contributions and task of the parents in the education of the child and especially the educational partnership between church and school.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Chapter 4 is an evaluation of the educational work done by church and school in Genadendal. Special attention is given to the christian-educational norms that were applied in the accompaniment of the child to adulthood and an account is given of the christian-educational value of the work done in Genadendal.

Chapter 5 mainly deals with the conclusion and findings arrived at in this study and a future perspective. A summary is given of the findings of this study. Futhermore an account is given of the writer's conclusion with regards to the subject. Finally a short future perspective is voiced. The future educational involvement of the church is reconsidered in view of contemporary and future demands.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

**Handtekening** **Datum**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**DANKBETUIGINGS**

My opregte dank aan alle persone vir hul bystand en hulp wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie studie te voltooi; in die besonder aan die volgende:

My studieleier, dr J C Steyn, vir sy bekwame leiding en uiterste geduld.

Dr A J Basson vir sy onbaatsugtige hulp met die afronding van die tesis en sy aanmoediging.

Aan my familie vir hul ondersteuning, aanmoediging en begrip.

Aan mev E C Kuun vir die netjiese tikwerk.

Aan prof C G de Vries vir 'n baie spesiale vergunning.

Aan onse Hemelse Vader wat dit vir my moontlik gemaak het om op hierdie tydstip in my lewe hierdie studie te kon aanpak en voltooi.

"Loof die Here want Hy is goed."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# 'N TEMPORALITEITSPEDAGOGIESE STUDIE VAN DIE VENNOOTSKAP KERK EN SKOOL MET SPESIALE VERWYSING NA DIE WERK VAN DIE MORAWIESE BROEDERKERK TE GENADENDAL 1738 - 1989

## INHOUDSOPGAWE

Bladsye

**HOOFSTUK 1** 1 - 9

1. Oriëntering

1.1 Inleiding

1.2 Terrein van Studie.

1.3 Doel van ondersoek.

1.4 Hipotese.

1.5 Navorsingsmetode.

1.5.1 Die Metabletiese benadering.

1.5.2 Temporaliteitspedagogiese benadering.

1.5.3 Historiese metode.

(a) Primêre bronne.
(b) Sekondêre bronne.

1.6 Aktualiteit van die verhandeling.

**HOOFSTUK 2** 10 - 41

2. Historiese oorsig.

2.1 Toestande in Europa wat aanleiding gegee het tot evangelisasiewerk in vreemde lande.

2.2 Toestande aan die Kaap met die koms van Jan van Riebeeck in 1652.

2.3 Georg Schmidt begin sy werk onder die Hottentotte.

2.4 Die aankoms van drie sendelinge uit Duitsland in 1792.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



2.5 Morawiese kerk se doelstelling met die uitstuur van sendelinge na die Kaap.

2.6 'n Nuwe begin deur Marsveld, Schwinn en Kühnel en die oprigting van die eerste skool in Baviaanskloof.

2.7 Praktiese opleiding in ambagte en ander bedrywe.

2.8 Vestiging van 'n drukkery te Genadendal.

2.9 Opleiding van Onderwysers.

2.10 Voortsetting van onderwys aan laerskool-leerlinge.

2.11 Einde van 'n "goue era".

2.12 Totstandkoming van 'n sekondêreskool te Genadendal.

2.13 Verdere ontwikkeling van die drukkery tot 'n selfstandige sakeonderneming en die totstandkoming van 'n boekdepot vir Christelike lektuur.

2.14 Genadendal se kultuurskat - Die Museum.

**HOOFSTUK 3** 42 - 52

3\. Die drieledigheid van ouerhuis, kerk en skool as vennote in die opvoedingstaak.

3.1 Inleiding

3.1.1 Ouers as vennoot.

3.1.2 Die rol van die kerk.

3.1.3 Die rol van die skool in die opvoeding van die kind.

**HOOFSTUK 4** 53 - 71

4\. Evaluering van die opvoedingswerk van kerk en skool te Genadendal.

4.1 Inleiding

4.1.1 Georg Schmidt se bydrae tot onderwys aan die inboorlinge.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



4.1.2 Skoolvoorsiening en die kerk se aandeel in die onderrig van kinders en kultuur-oordrag na hervatting van die werk in Baviaanskloof.

4.1.3 Opleiding van onderwysers.

4.1.4 Opleiding van ambagslui.

4.1.5 Boerdery.

4.1.6 Messemakery en ander bedrywe.

4.1.7 Die Sendingmuseum.

4.1.8 Die Drukpers.

4.1.9 Koshuise.

**HOOFSTUK 5** 72 - 85

5. Samevatting, gevolgtrekking en toekomsperspektief.

5.1 Samevatting.

5.2 Gevolgtrekking.

5.2.1 Geografiese verspreiding.

5.2.2 Die kerk se standpunt ten opsigte van onderwysbeleid.

5.2.3 Bewaringsbewustheid.

5.2.4 Staatsbeleid wat stremmend ingewerk het op die ontwikkeling van onderwys in kerk-skole.

5.3 Toekomsperspektief

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 1

## 1. INLEIDING EN ORIËNTERING

### 1.1 Inleiding

Die wêreld waarin ons vandag leef en die opvoedingstelsel wat daarmee saamhang, is so ineengeweef dat dit moeilik denkbaar is dat dit ooit anders was. Die mens is egter 'n historiese wese en het 'n verlede (Pistorius, 1975: 17).

Opvoeding, alhoewel aanvanklik informeel en hoofsaaklik nie-intensioneel, kan sover teruggevoer word soos die ontstaan van die mensdom self en onwillekeurig word die geskiedenis van volkere soos die Egiptenare, Grieke, Chinese en die Jode, om maar 'n paar te noem, in herinnering geroep. Veral die Jode het onmiddellik voor en na die geboorte van Christus besondere aandag aan die godsdienstige en huislike opvoeding geskenk.

In die eeu na die geboorte van Christus is die eerste skribas deur die kerk as onderwysers aangestel. Die kurrikulum was intens elementêr en was hoofsaaklik daarop ingestel om van die kind 'n gehoorsame navolger van God se wil en 'n goeie en bruikbare burger te maak (Power, 1962: 29).

Uit 'n Christelike perspektief gesien word die ouer deur Godswoord verplig om bemoeienis te maak met sy kinders se opvoeding wat aan hom of haar toevertrou is. "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" (Deut: 6: 6 - 7). Ook in die boek Spreuke word die ouer daartoe verplig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Selfs oor die eeue heen het hierdie verhouding in die opvoedingsopset nie veel verander nie, omdat die vennootskap kerk, skool en ouerhuis inherent deel van opvoeding was.

Dit is moontlik vandag nog die geval, met miskien 'n meerdere of mindere inset deur een of ander van die vennote. Baie is reeds oor die geskiedenis van die Morawiese Broederkerk en in besonder oor Genadendal geskrywe, maar na die wete van die skrywer is die probleem van kerk, skool en ouerhuis as vennote nog nie tot dusver onder die loep geneem nie. Die navorsing wat hierna onderneem word handel ook oor kerk, skool en huis in die konteks van die Unitas Fratrum (Broederkerk) as opvoedkundige instelling.

Die Morawiese Broederkerk se sendingonderwyswerk staan in die lig hiervan. Dit het nie net gegaan oor sendingwerk en Godsdiensonderrig as sodanig nie, maar ook opvoedende onderwys oor die algemeen, dit wil sê, algemene vormende onderwys en beroepsonderwys. Boonop het dit gegaan om die breëre kultuurontwikkeling van die plaaslike bevolking. Waar daar in hierdie studie besondere klem op Genadendal geplaas word, is dit ook so dat Genadendal 'n besondere posisie beklee in die breëre Suid-Afrikaanse konteks. Die werk op Genadendal was baanbrekerswerk en met betrekking tot die onderwys is die resultate vandag nog oor die hele land waarneembaar.

## 1.2 Terrein van studie

Die geografiese terrein wat in hierdie verhandeling afgebaken word, is die werk van die Morawiese Broederkerk in Wes-Kaapland met spesiale verwysing na Genadendal se bydrae tot die verspreiding en uitbouing van onderwys.

Genadendal kan sekerlik met reg beskou word as die bakermat vir die totstandkoming van 'n georganiseerde onderwysnetwerk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



vir anderskleuriges in Suid-Afrika. "When they started lessons in their sittingroom on 4th March 1793, eight kraals of Hottentots had moved to the kloof and twenty adults attended the class .... Thus, a new and hopeful beginning had been made" (Krüger, 1966: 53). Die tydperk wat hierdie verhandeling sal dek is vanaf 1737 tot 1989.

## 1.3 Doel van ondersoek

Die doel van hierdie studie is beslis nie 'n blote kroniekskrywing van 'n stuk plaaslike geskiedenis nie. Die doel is in die eerste plek om 'n wesenlike opvoedingsprobleem aan te spreek, te deurgrond en daaroor te besin met die oog op die toekoms.

Tweedens sal pogings aangewend word om aan te toon hoe die geografiese verspreiding van die Nie-Blanke bevolking aan die Kaap 'n moontlike invloed op onderwysontwikkeling kon gehad het.

Derdens sal ondersoek ingestel word na nadelige invloede, indien enige, wat die kerk op onderwysontwikkeling kon gehad het met betrekking tot byvoorbeeld sy onderwysbeleid.

Verder wil vasgestel word wat die invloed van die kerk vandag nog is ten opsigte van onderwysverskaffing en of die kerk besig is om sy invloed te laat verflou en indien wel, wat die redes daarvoor is.

Die ondersoeker wil ook probeer vasstel aan watter moontlike politieke druk die kerk oor die jare blootgestel was wat nadelige uitwerking op die funksionering van kerkskole kon gehad het.

Daar sal ook gepoog word om vas te stel of die oordrag van kultuur, met betrekking tot, onder andere, musiek ens.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



waarin die kerk so 'n groot rol gespeel het vandag nog waarneembaar is.

Ten slotte wil aan die hand van voorgenoemde 'n toekomsperspektief gedoen word in soverre dit die kerk se rol met betrekking tot onderwysverskaffing betref.

## 1.4 Hipotese

As die werk van veral die Morawiese Broederkerk oor die afgelope twee en 'n half eeue in herinnering geroep word, ontstaan daar onwillekeurig sekere vrae waarop graag meer duidelikheid verkry wil word. Uit gesprekke is dit ook duidelik dat daar verskille van opinie oor die rol van die kerk ten opsigte van onderwysverskaffing waarneembaar is. Met ander woorde dat daar uiteenlopende menings oor hierdie aangeleentheid bestaan.

As in aanmerking geneem word dat 'n hipotese 'n "onbewese stelling is wat moet dien as grondslag vir redenering" of "ongegronde veronderstelling" (Odendal, 1965: 393) het dit die ondersoeker daartoe beweeg om deur middel van hierdie verhandeling meer lig te probeer werp op baie van hierdie tot nog toe onbewese veronderstellings. In hierdie verband sê Landman ook dat dit 'n basiese stelling is wat aan sistematiese intersubjektiewe kritiek onderwerp moet word (1980: 50).

Die doel van die ondersoeker is geensins daarop gemik om klinkklare bewyse te wil lewer vir of teen enige uitsprake nie, maar om te probeer om meer lig te werp op baie van die aspekte van die werk wat tot op hede moontlik verborge was en wat die leser moontlik in staat sal stel om geoordeel aan die feite, 'n helderder toekomsperspektief te bekom met betrekking tot die rol van die kerk in die onderwyssituasie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Dat daar geweldig vooruitgang gemaak is ten opsigte van modernisering en tegnologie ook in die onderwys, kan nie weerspreek word nie. Of die verabsolutering daarvan ten goede is, bly 'n ope vraag. Alvorens enkele hipoteses pertinent gestel word, dien die volgende vrae as aanloop daartoe.

(a) Het die kerk sy rol in die opvoedingsgebeure prysgegee ter wille van moderne ontwikkeling?

(b) Is daar nie 'n te groot klemverskuiwing weg van Christelike opvoeding nie?

(c) Het ons nie te behep geraak met moderne tegnologie in die samestelling van die kurrikula nie?

(d) Word die plek van die kerk en godsdiens in die hedendaagse skoolopset as oudmodies en uitgediend beskou?

(e) Is dit nie belangriker vir die opvoeder om in sy begeleiding van die opvoedeling na volwassenheid ook daarna te strewe om die kind behalwe kennis ook geestelik te verryk nie?

Dit is tergende vrae wat na my mening ondersoek en uitspraak oor gelewer moet word. Dit is nie net vrae wat aan die deur van die opvoeder-onderwyser gelê moet word nie, maar sekerlik aan dié van alle ouers en almal wat bemoeienis maak met die opvoeding van die kind, hetsy dit intensioneel of nie-intensioneel is.

Die volgende dien op hierdie stadium as hipotetiese uitgangspunte:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



1. Wat die vennootskap tussen kerk en skool betref, het die opvoedingswerk in die skole van die Broederkerk die onderwys in Suid-Afrika wél positief bevorder en 'n fondament gelê waarop voortgebou kan word.

2. Dat meer positiewe en daadwerklike pogings aangewnd moes gewees het om Genadendal as 'n opvoedingsentrum te behou en uit te bou.

3. Dat die kerk moontlik te lank "geslote" gebly het vir modernisering ten opsigte van onderwys.

4. Dat die kerk in sekere opsigte moontlik 'n stremmende invloed op onderwys gehad het met betrekking tot ... ld sy beleid.

**1.5 ...etode**

Die metodes wat met die data-versameling vir hierdie verhandeling gebruik sal word is die volgende:

1.5.1 Die Metabletiese benadering

Die probleem van verandering en die bestudering daarvan lê op die weg van alle pedagogiese deeldissiplines, want opvoeding is juis dinamies en nie staties nie.

Die Historiese Opvoedkunde is meer sinvol as hierdie verandering en die oorsake en gevolge wat daarmee saamgaan bestudeer word. In hierdie navorsing sal die veranderende aard van die Morawiese Broederkerk se opvoedingswerk uit die aard van die saak aandag kry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 1.5.2 Temporaliteitspedagogiese benadering

Wat verby is, is nooit verby nie en daarom moet die eenheid van verlede, hede en toekoms gerespekteer word. Opvoeding moet dus in sy temporaliteitsverband bestudeer word.

In hierdie navorsing sal al die tydsdimensies figureer. Die verlede sal uit die aard van die saak aandag kry, die hede is belangrik en so ook die toekoms. Die Historiese Opvoedkunde moet relevant wees vir huidige opvoedingsvraagstukke en ook vir die toekomsbeplanning.

### 1.5.3 Historiese metode

(a) Primêre bronne

Pogings sal aangewend word om sover moontlik van primêre bronne gebruik te maak wat verkrygbaar is van die Morawiese Boekdepot te Genadendal. Die volgende bronne word ook ontgin: argiefmateriaal uit die Kerkargief te Kaapstad, vraelyste wat uitgestuur word en persoonlike onderhoude met senior burgers van die kerk om hulle indrukke te verkry van toestande in hulle tyd en hulle indrukke van hedendaagse toestande.

(b) Sekondêre bronne

Hieronder word verstaan alle nie-primêre beskikbare bronne oor die ontstaan van en pogings wat aangewend is vir die daarstelling van onderwys aan die Kaap sedert die sewentiende eeu, in die besonder betreffende die rol van kerkskole vir die voorsiening van opvoeding en onderwys. Bronne oor hoe die kerk homself geroepe gevoel het en wat daartoe aanleiding gegee het om bemoeienis te maak met onderwys aan die Nie-Blanke bevolkingsgroepe word ook geraadpleeg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Verder sal bronne geraadpleeg word oor die kultuurgebruike onder die verskillende bevolkingsgroepe waarna in hierdie verhandeling verwys word. Daar sal ook gebruik gemaak word van bronne wat handel oor die plek van die kerk met betrekking tot Christelike opvoeding in die huidige opset en die uitwerking van al die fasette van die samestelling van die kurrikula in die huidige onderwysbestel in vergelyking met dié van die verlede.

Verder sal beskikbare bronne geraadpleeg word oor opvoeders en geestelikes se siening oor die rol wat die kerk behoort te speel met betrekking tot opvoeding en onderwys in die toekoms.

Om sover moontlik 'n objektiewe perspektief weer te gee, word daar gebruik gemaak van beide eksterne en interne kritiek ten einde die egtheid en betroubaarheid van bronne te verseker.

## 1.6 Aktualiteit van die verhandeling

By die keuse van 'n onderwerp vir 'n verhandeling kom die vraag na die aktualiteit daarvan dadelik na vore. Indien dit nie aktueel is nie, en baie belangrik, aktueel vir ons tyd, sou dit werklik geen sin maak om so 'n verhandeling te onderneem nie.

By die skrywer bestaan daar nie die minste twyfel dat dit wel betrekking het op ons tyd nie en wel om die volgende redes:

(a) Daar skyn vandag 'n wesenlike of merkbare afplatting te wees in geestelike waardes in vergelyking met materiële waardes. Dit strek opvoeding oor die algemeen baie beslis tot nadeel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



(b) Die beskuldiging word ingebring dat sendelinge deur middel van hul onderwys niks anders as imperialiste en kolonialiste was nie. Dit is dus beslis aktueel om vas te stel of dit ook by die Morawiese Kerk die geval was.

(c) Daar is vandag humanistiese strominge in die Suid-Afrikaanse samelewing wat die tradisionele verhouding tussen ouer, skool en kerk bevraagteken en selfs onder verdenking plaas. Dit is 'n aktuele vraag oor hoe dié opvoedingsverhouding behoort te wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 2

## 2. HISTORIESE OORSIG

### 2.1 Toestande in Europa wat aanleiding gegee het tot evangelisasiewerk in vreemde lande

'n Sterk gevoel van piëtisme het aan die einde van die sewentiende, begin agtiende eeu, in Europa geheers. Aangevuur deur hierdie gevoel van piëtisme en onder die besielende leiding van die Graaf van Zinzendorf in Duitsland, het die Hernude Broederkerk of soos hulle ook bekend was, die Unitas Fratrum, wat op 13 Augustus 1727 in Herrnhut tot stand gekom het, homself daartoe geroepe gevoel om sendelinge na vreemde lande uit te stuur om Godswoord onder die heidene te verkondig. "The growth of the Diaspora so early in the story of Herrnhut demonstrated that the community's piety was not something that would stay at home" (Weinlich, 1966: 90).

Nadat sendelinge na onder andere lande soos Indië, Wes-Indië, Groenland, Labrador en Lapland uitgestuur was, is in 1737 deur die Unitas Fratrum gehoor gegee aan 'n oproep van twee Nederlandse predikante by name Van Alphen en De Bruin om sendelinge na die Kaap te stuur. Zinzendorf het die nodige toestemming van die Here Sewentien verkry en Georg Schmidt is vir die taak uitgekies. In 1737 het hy die reis na die Kaap onderneem as eerste volwaardige sendeling om onder die Hottentotte te arbei. "The movement in Europe, which caused the first missionary to be sent to the Cape was the Piëtism" (Krüger, 1966: 11).

Die werk wat Georg Schmidt hier begin het en later deur sy opvolgers voortgesit is, en wat uitgebou is tot dit later oor die hele land gestrek het, en die rol wat die Broederkerk in die skepping van 'n onderwysstelsel in Suid-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Afrika gespeel het en tans nog speel, sal later breedvoeriger bespreek word.

## 2.2 Toestande aan die Kaap met die koms van Jan van Riebeeck in 1652

Met die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap het hy primitiewe en ongeletterde inboorlingstamme, met 'n kultuur eie aan hulself hier aangetref (Behr, 1952: 24). Die enigste vorm van opvoeding wat hier bestaan het, was soos dié by enige ander primitiewe volk, naamlik die praktiese opleiding deur die ouers om hul kinders op te lei om bruikbaar te wees en hulle plek vol te staan in die stam waartoe hulle behoort het.

Alhoewel die hoofdoel van Van Riebeeck se koms na die Kaap kommersieel gerig was, het die Hollandse Oos-Indiese Kompanje hom dit ook ten doel gestel om om te sien na die sieleheil van sy werkers en sover dit moontlik was, opvoeding te verskaf aan die inwoners van die kolonies onder sy beheer. "The Dutch East Indian Company though a commercial concern and interested in the first place in profits, was nevertheless concerned with the religious well-being of its employers. In its overseas possessions the Dutch gave much attention to education and religious instruction" (Behr, 1971: 2).

Daadwerklike pogings alhoewel om verskeie redes aanvanklik nie baie suksesvol nie, is onmiddellik na sy aankoms aangewend om een of ander vorm van onderwys-infrastruktuur daar te stel. Van Riebeeck se eerste poging was om 'n sieketrooster genaamd Wylant as onderwyser aan te stel om die inboorlinge en slawekinders te onderrig sodat hulle iets van Godswoord kan verneem en ten minste kan leer lees en skryf. Baie swak vordering is egter gemaak as gevolg van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gebrek aan belangstelling by veral die inboorlinge (Coetzee,1958: 403).

Dit is wel te begrype dat hulle nie in opvoeding belang gestel het nie omdat dit reëlreg ingedruis het teen hul leefwyse van daardie tyd en hul dus om verstaanbare redes op daardie tydstip ook geen nut daarvoor gesien het nie.

In April 1658 is die eerste skool, met Pieter van der Staal as onderwyser, opgerig. Hy is opgevolg deur Ernestus Bach wat later weens wangedrag afgedank is. Geeneen het veel welslae in hul pogings tot die opvoeding van die inboorlinge en slawekinders gehad nie.

Die erns van die owerhede in hierdie verband word bewys deurdat in die oktrooi van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanje die verpligting opgeneem is dat die Gereformeerde Christelike geloof onder die heidene aan die Kaap versprei en verkondig sou word. Na die vertrek van Bach is die slaweskool gesluit. 'n Skool wat deur kinders van alle rasse bygewoon kon word, is hierna opgerig.

Weens besware van die kant van die koloniste is hierdie skool gesluit en is aparte skole vir blanke en slawekinders opgerig. "Die begin van 'n apartheidsbeleid op skoolgebied was hier te bespeur." (Coetzee, 1958: 405).

Ds Petrus Kalden het in 1695 die amp as predikant aan die Kaap aanvaar. Sy taak was ook, onder andere, om die Hottentotte te bekeer en op te voed. Hy het ook nie veel sukses in hierdie opsig behaal nie.

Skynbaar as gevolg van vroeëre mislukkings om 'n vorm van onderwys onder die inboorlinge gevestig te kry, is nie veel verdere aandag deur die owerhede aan hierdie aangeleentheid geskenk nie. Dit was eers diep in die agtiende eeu met die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



aankoms van 'n sendeling uit Duitsland dat enige daadwerklike pogings aangewend is, om 'n georganiseerde vorm van onderwys by die Hottentotte te vestig.

## 2.3 Georg Schmidt begin sy werk onder die Hottentotte

Schmidt is gebore op 30 September 1709 in die klein dorpie Kunewalde in die Duitssprekende deel van Morawia. In die eerste kwarteeu van die agtiende eeu was daar 'n algehele geestelike herlewing onder die lede van die ou Broederkerk en aangevuur hierdeur wy Schmidt hom op 29 Oktober 1725 geheel en al tot die Here en wend homself tot diens van God. Hy vertrek kort hierna na Herrnhut waar hy hom by die ander Broeders aansluit. Op 13 Augustus 1727 bring hulle die Hernude Broederkerk, ook genoem die Unitas Fratrum tot stand.

Aangevuur deur hierdie gebeurtenis tree Schmidt nou na vore as een van die vurigste jong werkers in diens van die Here. "There, he shared the experience of 13th August 1727 with the congregation and became one of those young messengers and warriors for the Saviour" (Krüger, 1966: 15). Vanweë sy uitgesprokenheid teen die Rooms-Katolieke Kerk word Schmidt en twee ander jong medewerkers egter kort hierna in hegtenis geneem en moes hulle tronkstraf van ongeveer drie jaar uitdien. Hy is vrygelaat nadat hy 'n verklaring geteken het waarin hy die uitlatings wat hy teen die Rooms Katolieke Kerk geuiter het, terugtrek. Hieroor is hy sterk veroordeel deur die Broeders van Herrnhut en het 'n baie koel ontvangs by sy terugkeer op hom gewag.

Dit het daartoe aanleiding gegee dat Schmidt hom opnuut tot die sendingveld gewend en met sy uitsprake teen die Rooms Katolieke Kerk voortgegaan het. Hy wou hom as't ware weer in ere herstel by sy broeders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Na vele reise en wedervaringe ontvang hy uiteindelik 'n beroep om na die Kaap te gaan om bekeringswerk onder die Hottentotte te doen en op 11 September 1737 ontvang hy formele verlof van die Here Sewentien om na die Kaap te vertrek. Hy vertrek op die skip Huis te Rensburg en kom op 9 Julie 1737 in Tafelbaai aan (Krüger, 1966: 16 - 17).

Reeds met sy aankoms aan die Kaap was daar duidelike teenkanting van owerheidsweë toe hulle die doel van sy koms hierheen verneem. Verskeie pogings is deur hom aangewnd om vervoer na die binneland, te wete die Overberg omgewing, te bekom, maar sonder sukses. Hy is ook aangeraai om van sy planne af te sien en terug te keer na Duitsland. Schmidt het hom egter nie laat ontmoedig nie omdat soos hy dit gesien het, hy in opdrag van God gehandel het. Hy het moedig in sy pogings volhard en uiteindelik in Julie 1738 by Soetmelksvlei langs die Sondereinderivier aangekom waar hy 'n aantal inboorlinge, die Khoi, aangetref het.

Hy het dadelik met sy werk begin om Godswoord aan die heidene te verkondig. Die teenwoordigheid van kompanjesoldate in 'n militêre kamp daar naby was egter nie bevorderlik vir sy geestelike werk nie en het hy besluit om, vergesel van 'n paar huisgesinne, hoër op langs die rivier te trek waar hulle hulle aan die voet van die Sondereindeberge gevestig het. Hy het die plek Baviaanskloof genoem. Dit is later deur Janssens herdoop tot Genadendal.

Schmidt het weer dadelik met sy werksaamhede begin deur die Woord van God aan hulle te verkondig en het ook onmiddellik pogings aangewend om die inboorlinge te leer lees en skryf. Die taalprobleem het egter baie daartoe bygedra dat hy aanvanklik nie baie suksesvol was in sy pogings nie. Hy het pogings aangewend om die Khoitaal aan te leer, maar het dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



uiters moeilik gevind en toe liewer besluit om aan die Khoi Nederlands te leer.

Die owerhede aan die Kaap was Schmidt se werk onder die inboorlinge glad nie goedgesind nie en die Politieke Raad het hom verbied om van die Hottentotte, wat hulle tot God bekeer het, te doop omdat hulle beweer het hy nie 'n geordende leraar was nie en "selfs sy onderrigbedrywighede strydig was met die bepalings van die Nasionale Synode van Dordrecht" (Schreuder, 1951: 157).

Daar kan moontlik 'n mate van regverdiging in die owerhede se optrede gevind word as in gedagte gehou word dat Schmidt nie 'n geordende leraar was nie. Alhoewel Zinzendorf by 'n later geleentheid 'n ordeningsbrief aan Schmidt gestuur het, was dit nie vir die owerhede aanvaarbaar nie en nog minder vir die Gereformeerde Kerk wat 'n baie sterk standpunt ingeneem het teen die doophandeling wat toegedien word deur enigiemand anders as 'n geordende leraar.

Dit is egter ironies dat sulke sterk teenstand juis nou van die Gereformeerde Kerk gekom het, omdat dit juis hierdie instansie was wat die Herrnhutters versoek het om sendelinge uit te stuur om onder die Khoi te arbei. Hierdie doopkwessie sou later daartoe lei dat Schmidt baie ontnugterd, verbitterd en ontmoedig sy werksaamhede hier moes staak. Hierdie optrede van die Gereformeerde Kerk het die vermoede laat ontstaan dat die kwessie van die doop nie die hoofrede vir hul teenkanting teen Schmidt se werk was nie, maar slegs 'n rookskerm om een of ander dieperliggende, onbekende rede te verbloem (Balie, 1988: 19, 27).

Die koloniste in die omgewing van Baviaanskloof het ook om een of ander onverklaarbare rede 'n baie negatiewe en selfs vyandige houding teen Schmidt en sy werk onder die inboorlinge begin inneem. Baie van hulle het selfs sover

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gegaan as om ongegronde klagtes by die owerhede aangaande Schmidt aanhangig te maak.

Moontlik is die antwoord daarin te vind dat die totstandkoming van 'n sendingstasie waar inboorlinge gekersten sou word en 'n vorm van onafhanklikheid sou geniet as 'n bedreiging vir hulle voortbestaan beskou is.

Ten spyte van al die teenkanting het Schmidt manmoedig met sy taak voortgegaan omdat hy nog steeds oortuig was dat dit God se wil was dat hy hier onder die Khoi sy sendingwerk moes doen. Hy het 'n vaste geloof in gebed gehad en in alles die wil van die Here afgevra. As volgens hom die antwoord positief was, het hy hom van niks of niemand laat afsien van sy planne nie (Krüger, 1966: 24).

Schmidt sou geen besoldiging vir sy werk hier ontvang nie en wou en het op 'n selfstandige wyse 'n bestaan gevoer. Toe die Goewerneur hom by 'n geleentheid hulp aangebied het, was sy antwoord "ich sollte pflanzen und bauen und wollte niemand beschwerlich nog lästig fallen" (Bali , 1988: 13). Hiermee word Schmidt se vasberadenheid om 'n sukses van sy werk te maak duidelik ten toon gestel.

Naas die verkondiging van die Woord en sy pogings om die Khoi te leer lees en skryf, het Schmidt sy bedrywighede in twee onderafdelings verdeel, naamlik huisbou en landbou.

Hy het hom dadelik beywer om naas die oprigting van 'n woonhuis vir homself ook die Khoi behulpsaam te wees om vir hulle self dienlike wonings op te rig. Alle benodigde boumateriaal is plaaslik gevind.

Met betrekking tot landbou het Schmidt 'n veel moeiliker taak gehad. Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie inboorlinge uitsluitlik veeboere was en dat tuin- en landbou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



iets heeltemal vreemd aan hulle leefwyse was. Uit die aard van die saak het veeteelt ook baie minder harde arbeid geverg en kon Schmidt hulle baie moeilik daartoe oorhaal om hulle ook op die kweek van groente en graan toe te spits.

Na vele probeerslae en mislukkings het hy egter wel later daarin geslaag om ook 'n belangstelling in die verbouing van groente en graan by hulle aan te wakker.

Op onderwysgebied het Schmidt dit nog steeds as sy grootste taak gesien om die Khoi in die Christelike leer te onderrig. In hierdie opsig het hy egter 'n geweldige opdraande stryd gevoer. Dit is wel te begrype as in gedagte gehou word dat om klasse by te woon, te leer lees en skrywe deur hierdie mense as heeltemal oorbodig beskou was. Dit het ingedruis teen hulle hele lewenspatroon. Schmidt het 'n baie streng vorm van dissipline toegepas wat ook vir die Khoi vreemd en dikwels onaanvaarbaar was.

Schmidt het egter volhard en op 27 Oktober 1738 met sy eerste formele klas begin. Hierdie klein getal het mettertyd aangegroei tot daar met sy vertek in 1744 reeds meer as 30 leerlinge was.

As gevolg van toenemende druk, soos reeds vroeër beskryf is, het Schmidt in 1743 verlof van Duitsland aangevra om na sy moederland terug te keer. Verlof is toegestaan en op 5 Maart 1744, nadat hy in Oktober 1743 van sy gemeente in Baviaanskloof afskeid geneem het, het hy uit die Kaap vertrek terug na sy vaderland. 'n Tydperk van byna 50 jaar sou verloop voordat daar weer opvolgers vir Schmidt uitgestuur sou word.

Ten spyte van die teenkanting en selfs openlike vyandigheid wat Schmidt hier teëgekom het, het die saadjie wat hy hier gesaai het tog lewendig gebly en later vrug gedra. So kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



ook tereg gesê word dat hy ook hegte vriendskapsbande hier opgebou het met sommige koloniste en ook regeringsamptenare, wat 'n aanduiding is dat sy werk hier tog nie tevergeefs was nie.

Wat belangrik is om hier op te let, is dat Schmidt reeds van die begin af daarna gepoog het om behalwe skolastiese opvoeding hom ook toe te lê op praktiese onderrig waardeur die inboorlinge gehelp en aangemoedig kon word om 'n selfstandige en eerbare leefwyse daar te stel en na te streef en af te sien van gebruike en gewoontes wat vir hulle skadelik was. Objektief beskou sal erken moet word dat die ongeveer vyf jaar van Schmidt se arbeid nie tevergeefs was nie.

## 2.4 Die aankoms van drie sendelinge uit Duitsland in 1792

In 1792 het drie Morawiese sendelinge by name Marsveld, Schwinn en Kühnel in die Kaap aangekom.

Met hul aankoms in Baviaanskloof was die drie sendelinge baie verbaas en verheug toe hulle 'n groepie inboorlinge aantref wat deur Schmidt onderrig en gedoop was en wat getrou gebly het aan die lering wat hy nagelaat het (Krüger, 1966: 53). Onder hulle was 'n inboorlingvrou met die naam van Lena, ook bekend as Oude Lena omdat sy reeds op gevorderde ouderdom was Sy het 'n klein Bybel, wat deur Schmidt aan haar geskenk was, te voorskyn gehaal, en omdat sy op daardie stadium nie meer goed kon sien nie, dit aan 'n jong vrou oorhandig wat vlot in Nederlands uit die Nuwe Testament vir hulle voorgelees het. Dit was 'n bewys dat ten spyte van die betreklike kort tydperk van Schmidt se bediening, die teenkanting wat hy hier ondervind het en die lang tydperk wat in die tussentyd verloop het, die saadjies wat Schmidt hier gesaai het, tog lewendig gebly het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 2.5 Morawiese Kerk se doelstelling met die uitstuur van sendelinge na die Kaap

Die kerk het hom dit ten doel gestel dat met die uitstuur van sendelinge dit nie net daarop gerig was om Christene van die heidene te maak en hulle te leer lees en skryf nie, maar hulle ook in so 'n mate op te voed dat hulle selfstandige en bruikbare burgers kan word.

Dit was juis met hierdie doel voor oë dat die keuse op dié drie sendelinge geval het, omdat hulle ook gekwalifiseerde ambagsmanne was en dus ook in hierdie opsig hulle kennis met die inboorlinge kon deel. Hulle ambagte was onderskeidelik dié van kleremaker, skoenmaker en messemaker (De Boer en Temmers, 1987: 24).

Janssens en De Mist wat Baviaanskloof in 1806 besoek het, was so beïndruk met wat hulle daar gevind het dat De Mist gelas het "dat 250 riksdaalders aan die genootskap geskenk word as 'n blyk van waardering van staatsweë vir die werk wat daar gedoen is" (Coetzee, 1958: 412). Janssens is eweneens getref deur die gedrag, sindelikheid en godsdienssin van die Hottentotte wat daar gevestig was. Dit was toevallig ook Janssens wat Baviaanskloof na Genadendal herdoop het.

## 2.6 'n Nuwe begin deur Marsveld, Schwinn en Kühnel en die oprigting van die eerste skool in Baviaanskloof

In 1793 het die drie sendelinge in alle erns met hulle werksaamhede begin. Net soos in die geval van Schmidt was daar ook hewige teenkanting teen hul werk. Allerlei ongegronde en banale klagtes is by die owerheid ingedien (Krüger, 1966: 62). Ook die Hollandse Gereformeerde Kerk het tot die stryd toegetree. Ongelukkig vir die klaers het hulle nie meer dieselfde simpatieke oor van die owerheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gekry nie omdat laasgenoemde begin besef het dat die meeste van die klagtes ongegrond was. Die owerhede self het ook nou in 'n toenemende mate belangstelling begin toon in die werksaamhede te Baviaanskloof en van tyd tot tyd amptenare daarheen gestuur om hulle belangstelling te toon en om die sendelinge in hul werk aan te moedig.

Op 3 Maart 1793 is die eerste skool te Baviaanskloof in die woonvertrek van die sendelinge se huis geopen met ongeveer 25 leerlinge. In April van dieselfde jaar was daar reeds 80 leerlinge van alle ouderdomme.

Die skooldag is in drie skofte ingedeel, naamlik vanaf 08:00 vir volwasse mans, later in die oggend vir kinders en in die namiddag vir vroue.

Teen 1794 was daar reeds 70 kinders, 70 vroue en 70 mans wat die skool besoek het. 'n Versamelhuis is in 1796 opgerig, maar dit het nog nie die probleem van akkommodasie opgelos nie. In 1799 het Goewerneur Macartney toestemming verleen dat 'n kerkgebou sowel as 'n skool opgerig kan word. Die skool is amptelik op 3 Januarie 1800 geopen met 'n leerlingtal van 250.

Onderrigmetodes was baie elementêr. So is byvoorbeeld 'n laag wit sand op 'n swartgeskilderde skryfbord gegooi. "Die leerlinge het rondom die skryfbord gekniel en is geleer hoe om met die wysvinger die letters van die alfabet te vorm" (Balie, 1988: 47). Dit gee 'n duidelike beeld van al die probleme waarmee hierdie pioniers te doen gehad het, maar hulle is nie hierdeur ontmoedig nie en het moedig voortgegaan omdat hulle hulself deur God geroepe gevoel het vir hulle taak.

Hierna is 'n redelike mate van erkenning van owerheidsweë ontvang en het sake ten opsigte van die onderwys begin vlot.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Baie aandag is ook reeds in daardie vroeë stadium aan die onderrig van musiek gegee, veral op die gebied van sang. Dit blyk dat die Khoi 'n natuurlike aanleg vir sang gehad het, met besondere welluidende en harmonieuse stemme. In hierdie verband het Lady Ann Barnard in 1798 tydens 'n besoek aan Baviaanskloof en nadat sy 'n kerkdiens bygewoon het, gesê: "About 150 Hottentots joined in the twenty-third Psalm in a tone so sweet and loud, but so just and true that it was impossible to hear it without being surprised" (Balie, 1988: 45).

Andere wat ook tydens besoeke aan Baviaanskloof, later Genadendal, baie beïndruk was deur die pragtige sang en natuurlike aanleg vir musiek was Augusta de Mist, M Teenstra, Latrobe, Millian Bunchel en die Amerikaanse sendeling George Champion wat by 'n geleentheid gesê het: "The harmonious voices of the Hottentots combining with the solemn tone of the organ, as they resounded through the spacious building were truely delightful" (Balie, 1988: 46).

Sang en instrumentale musiekopleiding sou nog later 'n baie groot rol speel in die kulturele opvoeding van hierdie mense. Die diversiteit van hulle opvoedingsprogram spreek tot lof van hierdie sendelinge.

Gedurende hierdie tydperk is daar hoofsaaklik aandag gegee aan Nederlands as taal. Waarnemende goewerneur Wade was ietwat teleurgesteld toe hy tydens 'n besoek aan Genadendal gevind het dat Engels toe nog nie in die skool onderrig is nie. Na aanleiding hiervan is daar dadelik begin met die onderrig van Engels en die sendelinge het hierna elke Sondagmiddag 'n diens in Engels gehou en het die inwoners aangemoedig om van die Engelse lektuur in die biblioteek gebruik te maak. 'n Engelse leesklas is ook later twee keer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



per week aangebied. Teen 1838 kon 'n groot persentasie van die skoolgaande kinders Engels vlot lees.

Die biblioteek waarna verwys is, is reeds in 1825 opgerig. Ook reeds in 1831 is die eerste kleuterskool in die land te Genadendal geopen.

Die standaard van onderrig is deur die boere in die onmiddellike omgewing van Genadendal so hoog aangeskrewe dat hulle oud-leerlinge van die skool op Genadendal aangestel het om die slawekinders op die plase te onderrig. As gevolg van teenkanting van die koloniste is gemengde skole heeltemal afgeskaf.

Behalwe vir die werk wat op Genadendal gedoen is, was daar weinig wat die staat op daardie tydstip gedoen het om onderwys onder die Nie-Blankes te bevorder. Hulle rol was beperk tot periodieke geldelike skenkings. Dit was nou duidelik dat die kerk onderwysverskaffing aan die inboorlinge, veral die wat op Genadendal gevestig was, as sy selfopgelegde taak beskou het.

Die kerk se taak om 'n bydrae tot opvoeding te lewer, word onderstreep deur Bavinck waar hy sê: "Die kerk heeft de hand in het huisgezin, het huisgezin heeft de hand in de school; die kerk bereidt niet voor een hemelsch koninkrÿk, maar wapent ook voor dit leven" (Bavinck, datum onbekend: 125). Dit is duidelik dat opvoedkundiges dit eens was dat die kerk nie net 'n taak gehad het ten opsigte van geestelike opvoeding en voorbereiding nie, maar het ook 'n plig om die opvoedeling te lei en te begelei tot volle volwassenheid.

Dat die Morawiese Broederkerk dus ten volle betrokke geraak het by die opvoedingstaak en die onderwys as sulks is wel in die lig van voorgenoemde siening deur Bavinck geregverdig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Hy sê verder: "Vooreerst is de opvoeding niet alleen een belang den enkelen mensch zelf en voor de kleinere kringen, waartoe hÿ behoort. Ook voor het welvaren van het geheele volk as zoodanig is het van het grootste gewicht dat de personen, die te saam dit volk vormen, goed zÿn opgevoed." (Bavinck, Datum onbekend: 225). Opvoeding en onderwys kan as 'n langtermynbelegging gesien word, waardeur 'n gesonde gemeenskap vir die toekoms daargestel kan word.

In die lig hiervan het die Broederkerk voortgegaan om sy onderwysbedrywighede voort te sit en uit te brei.

## 2.7 Praktiese opleiding in ambagte en ander bedrywe

Op hierdie stadium is dit nodig dat een en ander gesê word van die praktiese opleiding wat die inboorlinge onder leiding van die sendelinge ontvang het. Soos reeds vroeër gemeld, het die keuse by die uitstuur van sendelinge op diegene geval wat bo en behalwe hul roeping as sendelinge ook gekwalifiseerde ambagsmanne was. Namate die werk te Genadendal uitgebrei het, is al hoe meer vakmanne in Duitsland geselekteer om met die snel-uitbreidende werksaamhede op nywerheidsgebied te Genadendal werksaam te wees. "Daar alle Morawiese Broeders een of ander meganiese of landboukundige beroep uitgeoefen het, is al hulle kennis in dié verband tot voordeel van hulle volgelinge aangewend" (Schreuder, 1951: 115).

Een van die eerste take wat die sendelinge hulself ten doel gestel het na hul aankoms was om 'n voorliefde vir tuinbou by die inboorlinge te kweek. Hulle is elk 'n stuk tuingrond by hul wonings gegee, geleer hoe om dit te bewerk en wat om wanneer te plant. Aanvanklik was daar nie 'n baie groot mate van entoesiasme nie omdat die Khoi op daardie tydstip slegs in veeteelt belanggestel het. Na volharding deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



sendelinge het die Khoi later self begin groente kweek. Hulle is ook onderrig hoe om graanlande voor te berei en om graan te verbou. Alle benodigde implemente is eiehandig hier onder die leiding van die sendelinge vervaardig.

Verbouing van koring en ander gewasse het later so toegeneem dat 'n meul vir die maal van koring in 1797 hier opgerig is. Op hierdie stadium kon die oprigting van geboue, met alle werk daaraan verbonde, self onderneem word omdat die inboorlinge reeds bedrewe in die boukuns was as gevolg van die deeglike opleiding wat hulle ontvang het.

Een van die grootste take wat ooit hier onderneem is, was die bou van 'n brug oor die Sondereinderivier. Tot op daardie stadium was dit haas onmoontlik om die rivier in die winter oor te steek en 'n brug oor die rivier dus 'n noodsaaklikheid (Krüger, 1966: 143).

In 1824 was hier ook reeds 'n lonende boegoebedryf gevestig en is groot hoeveelhede boegoe aan handelaars in Kaapstad gelewer. Vrugtebome is op grootskaal aangeplant en vrugte is gedroog waaruit ook 'n aansienlike inkomste verkry is. Hierdie bedrywighede het ook die aanplant van hop- en kasterolieplantasies ingesluit.

In 1831 het 'n Ier wat n opgeleide leerlooier was, Genadendal aangedoen. Hy is op 'n kontrakbasis aangestel wat daartoe gelei het dat die plaaslike inwoners in hierdie ambag opgelei kon word en groot getalle velle plaaslik gelooi en voorberei vir verkoop is. 'n Ander bedryf waarvoor Genadendal bekendheid verwerf het, was op die gebied van wa- en meubelmakery. Kakebeenwaens van hoogstaande gehalte is vervaardig en oral rond verkoop.

Net so florerend was ook die meubelmakery. Onder andere is die Van der Stel-, Regency- en Overberg-stoele vervaardig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Dit was fynafgewerkte meubelstukke wat getuig het van vakmanskap van die hoogste gehalte.

Werkswinkels vir grofsmede is ook opgerig waar alle landbou-implimente en gebruiksartikels vervaardig is. "Op 9 Augustus 1846 kon 'n pragtige bronskandelaar met ses lampe en wat onder leiding van die sendeling Neuhaus vervaardig is in die kerk opgesteek word" (Balie, 1988: 100).

Die gebruiksartikel waarvoor Genadendal seker die grootste bekendheid verwerf het, was die vervaardiging van messe van verskillende formaat en vir verskillende gebruike, die bekendste waarvan sekerlik die herneutermes was, wat wêreldwyd bekend geword het. Tydens 'n tentoonstelling in Londen in 1851 is selfs 'n reeks messe wat te Genadendal vervaardig is, daar uitgestal.

Ook die vroue is deur die sendelingvroue en sendelingmans opgelei as kleremaaksters, 'n kuns wat hulle gou baasgeraak het en werk van 'n hoogstaande gehalte gelewer het.

## 2.8 Vestiging van 'n drukkery te Genadendal

Een van die belangrikste ontwikkelinge wat onder leiding van die sendelinge te Genadendal tot stand gekom het was die vestiging van 'n drukkery.

Aanvanklik was die drukpers aldaar uitsluitlik geïnstalleer met die oog op die druk van geestelike lektuur, maar namate daar vordering gemaak is met die drukkerskuns kon die drukkery ook later op kommersiële gebied dienste lewer wat ongeëwenaard was vir daardie tyd.

In 1828 het Hans Peter Hallbeck pogings aangewend om 'n drukpers te bekom. In 1834 is 'n houtdrukpers deur persone in Zeist, Holland, aan Genadendal geskenk. Die drukpers is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



egter weens die dood van Hallbeck in 1840 nooit in werking gestel nie.

Eers in 1859 het sendeling Benno Marx daarin geslaag om die drukpers onder leiding van Eerw. Franche vir die eerste keer in werking te stel (Balie, 1988: 104).

Dit was 'n baie ou pers en die metode van gebruik baie primitief, maar dit het wel in die behoeftes voorsien. Aanvanklik is 'n groot verskeidenheid kerklike literatuur gedruk, waaronder <u>De Bode</u>, <u>Maandbladje voor Kinderen</u>, <u>Het Tekst-Boek der Broederkerk</u> en <u>Die Almanak</u>. <u>De Bode</u> is veral geskiedkundig omdat dit onder die eerste vyf godsdienstige nuusblaaie in die land tel. Namate die drukpers en die gehalte werk wat daar gelewer was, bekend geword het is meer moderne drukperse aan die drukkery geskenk. Dit het die drukkery in staat gestel om al hoe meer gevorderde drukwerk te doen en onder andere kon bladmusiek ook gedruk word, wat nêrens elders in die land gedoen kon word nie.

Die studente wat in die tussentyd in die opleidingskool opgeneem is, was hoofsaaklik verantwoordelik vir die instandhouding en werking van die drukkery. Dit het dus ook in hierdie opsig 'n belangrike bydrae gemaak in die opleiding van hierdie toekomstige onderwysers.

'n Noemenswaardige bydrae wat die drukkery ten opsigte van die onderwys en onderwyser-opleiding gelewer het, was die druk van 'n tweemaandelikse tydskrif die <u>Teacher's Review</u>. Dit het onder andere artikels van opvoedkundige belang, wenke oor lesvoorbereiding en lesaanbieding en lesers se onderwysprobleme bespreek (Balie, 1988: 140). Die drukkery het al hoe meer uitgebrei en kon werk van hoogstaande gehalte lewer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die drukkery was tot op hierdie stadium deel van die opleidingskool, maar is in 1913 na 'n ruimer gebou verskuif en sou voortaan as 'n selfstandige bedryf opereer.

## 2.9 Opleiding van Onderwysers

Namate meer en meer gesinne hulle op Genadendal gevestig het, was dit vanselfsprekend dat die leerlinggetalle in die skool ook vinnig sou aanwas.

Talle pogings is deur die jare heen deur die owerhede aangewend om onderwys aan Nie-Blankes op 'n georganiseerde basis daar te stel, maar om een of ander rede was dit nooit juis suksesvol nie. Die rol wat die staat gespeel het ten opsigte van onderwysverskaffing aan Nie-Blankes was hoofsaaklik beperk tot geldelike bydraes (Coetzee, 1958: 433). Subsidies is aan die sendingskole betaal, maar "sendingskole het van toe af die grondslag van alle Nie-Blanke-onderwys gevorm" (Coetzee, 1958: 433).

Namate die leerlinggetalle in die sendingskole gegroei het, daar ook 'n al hoe groter behoefte aan opgeleide onderwysers bestaan.

Aangevuur deur 'n nypende tekort aan onderwysers het Hans Peter Hallbeck twee plaaslike seuns geselekteer om as onderwysers opgelei te word. Hulle het besonder baie belofte getoon en is in 1831 in onderwysbetrekkings aangestel. Private opleiding van leerlingonderwysers was egter nie die ideaal van die sendelinge nie. Hulle uiteindelike doel was om 'n volwaardige opleidingskool vir onderwysers in te stel. In 1837 het Hallbeck, na 'n besoek aan Duitsland, na Genadendal teruggekeer met die nuus dat 'n Duitse vors 'n groot bedrag geld geskenk het vir die oprigting van so 'n skool. In 1838 is die opleidingskool amptelik geopen – 'n mylpaal in die geskiedenis van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Genadendal omdat dit die eerste opleidingskool vir onderwysers van hierdie aard in Suid-Afrika was.

Die skool is begin met elf leerlinge waarvan die meeste van Genadendal afkomstig was en die ander van sendingstasies soos Groenkloof (Mamre), Elim en Enon. Die opleidingstydperk het gewissel tussen vier en nege jaar (Balie, 1988: 52).

Gedurende die tydperk 1882 - 1904 is daar uitsluitlik van Engels as onderrigmedium gebruik gemaak. Baie streng dissipline is gehandhaaf en studente is in die tydperk van hul opleiding, wat oor ses jaar gestrek het, nie toegelaat om hulle ouerhuise te besoek nie. Bo en behalwe hulle akademiese kursus het hulle ook 'n tweejarige teologiese kursus gevolg wat vakke soos Bybelstudie, Bybelkunde, Duits en kerkgeskiedenis ingesluit het. Gedurende die eerste twee jaar is veral aandag geskenk aan onderwysmetodiek, die volgende twee jaar aan praktiese ondervinding as student-onderwysers en die laaste twee jaar aan voorbereiding vir die aflê van 'n departementele eksamen. Gedurende die tydperk van opleiding is die opleidingskool gereeld deur die Superintendent van Onderwys geïnspekteer.

Al die voornemende leraars en werkers van die kerk is dus in die opleidingskool opgelei. Studente moes hulle ook met praktiese werk in die namiddae besig hou en het onder andere deeltyds met skoenmakery, kleremakery en skrynwerk in die dorp gehelp. Dit het hulle in staat gestel om bo en behalwe hulle akademiese kwalifikasies ook ondervinding en opleiding in een of ander praktiese rigting op te doen.

Musiek het 'n baie belangrike deel van die kurrikulum uitgemaak en studente was verplig om een of ander musiekinstrument te bespeel. Dit sou hulle in staat stel om as orreliste, kerkkoor- en blaasorkesleiers op te tree in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



die gemeentes waar hulle later werksaam sou wees. Die belangrikste instrumente wat bemeester moes word, was die orrel, viool, klavier en basuin.

Reeds in 1856 het die studente die speel van die onderskeie instrumente so baasgeraak dat hulle hul eerste uitvoering oor Paasfees van daardie jaar kon gee. Hierdie uitvoerings het later 'n instelling gedurende feeste geword en in 1861 is reeds sover gevorder dat die studentekoor die "Halleluja" uit Händel se Messias uitgevoer het (Schmidt, 1935: 14).

Een besondere briljante musiekstudent wat in die opleidingskool sy opleiding ontvang het en later met die opleiding van ander studente gehelp het, was E Weber. Hy was die eerste en sover bekend die enigste van Genadendal wat 'n musiekeksamen afgelê het en daardeur 'n "Associate of Tonic Solfa College" geword het (Schmidt, 1941: 14). Hy was 'n meester in orrelspel en tydens 'n besoek aan Kaapstad het hy verlof ontvang om in die Katedraal die orrel te bespeel terwyl die kerkgangers die gebou verlaat het. Sy spel was van so 'n besonderse gehalte dat die grootste gedeelte van die gemeente weer na die gebou teruggekeer het om na sy spel te luister.

In die laaste kwart van die negentiende eeu en begin twintigste eeu het die opleidingskool verskeie veranderinge ondergaan ten opsigte van beheer, toelatingsvereistes, kurrikulum en so meer. Een baie belangrike verandering wat ingetree het, was die toegewing dat studente een keer per jaar hul ouerhuis kon besoek. Daar is tot die slotsom gekom dat die verbintenis tussen kind en ouerhuis bevorderlik is vir die opvoeding en karakterbouing van die studentejeug.

Uit 'n pedagogiese oogpunt beskou moet daar waardering uitgaan vir die werk wat in hierdie inrigting gedoen is ten opsigte van die opleiding van toekomstige gemeenskapsleiers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Nie net is daar aandag geskenk aan die akademiese opleiding nie, maar sorg is ook gedra dat die taak en pligte van die aspirant-onderwysers by hulle ingeskerp word ten einde hulle in staat te stel om as ware opvoeders die opvoedelinge wat aan hulle sorg toevertrou sou word met 'n goeie voorbeeld voor te gaan. Van die goue reëls wat by hulle ingeskerp is, was onder andere:

1. Gee al u tyd, gedagtes en krag aan u werk.

2. Probeer om die moeilikhede wat u kinders moet oorkom, te verstaan.

3. Probeer die beste plan uit te vind om u kinders vooruit te help.

4. Moenie slap wees nie, maar neem die juk wat u op die kinders se skouer lê self op.

5. Hou nooit op om te studeer nie.

6. Weet dat u alleen sukses sal hê as u woorde en u wandel as 'n goeie Christen ooreenstem met mekaar (Schmidt, 1935: 17).

Die einddoel van die inrigting was 'n opvoeding wat die eise van 'n sendingskool en die eise van die Onderwysdepartement in een saamvoeg.

In 1916 is die eerste jong dogters tot die opleidingskool toegelaat om vir die onderwysberoep opgelei te word. Dit is te betreur dat daar in die jare twintig 'n ernstige meningsverkil tussen die regering van die dag en die kerkowerheid ontstaan het ten opsigte van beleid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die owerhede sou bereid wees om geldelike steun aan die skool te verleen op voorwaarde dat 'n vorige versoek van hulle nagekom word, naamlik: "It is highly desirable that the school should be staffed by competent European teachers" (Schmidt: 1935: 19). Dit het daartoe gelei dat die opleidingskool in 1920 weens gebrek aan die nodige fondse as 'n selfstandige eenheid moes ophou fungeer. Die enigste uitweg was om die "Pupil Teacher"-klasse by die laerskool in te lyf. Dit was op daardie stadium egter reeds duidelik dat dit slegs 'n tydelike uitkoms sou bied en dat die einde van die bestaan van die opleidingskool reeds in sig was.

Deur middel van 'n uitfaseringsmetode het die laaste paar studente in 1935 afstudeer en is die opleidingskool toe finaal gesluit (Schmidt, 1935: 20). 'n Glorieryke tydperk in die geskiedenis van die Morawiese Broederkerk ten opsigte van opvoeding het hiermee ten einde geloop. 'n Groot jammerte voorwaar.

## 2.10 Voortsetting van onderwys aan laerskoolleerlinge

Op hierdie tydstip in die geskiedenis van Genadendal het 'n hele aantal onderwysers wat aan die opleidingskool afgestudeer het, onderwysbetrekkings beklee. Dié groot dryfkrag op onderwysgebied was ongetwyfeld Hans Peter Hallbeck. Hy was werklik 'n persoon met visie en het homself onderskei as 'n onderwysman. Hy het op baie gebiede van die onderwys met nuwe idees voor die dag gekom wat toegepas is en later baie suksesvol bedryf is. So was byvoorbeeld die oprigting van 'n kleuterskool te Genadendal in 1831. Dit was so suksesvol dat selfs van die boere in die omgewing van Genadendal begerig was om hulle kinders in die skool te Genadendal in te skryf. 'n Sterk geestelike herlewing was ook in hierdie tyd in die omgewing van Genadendal waarneembaar wat sy oorsprong aldaar gehad het en daartoe bygedra het dat daar 'n merkwaardige verbetering

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



waarneembaar was tussen die boere van die omgewing aan die een kant en die sendelinge en inwoners van Genadendal aan die ander kant.

Aan die begin van die twintigste eeu is 'n jong Engelse dame, mej Sara Hanna, as hoof van die laerskool aangestel. Sy was 'n ware dame in alle opsigte en onder haar bekwame leiding en toegewydheid het die skool gegroei sodat daar in 1914 met 'n personeel van meer as tien leerkragte reeds 307 kinders die skool bygewoon het. Van hierdie dame se aangename persoonlikheid en algehele toegewydheid tot die opvoedingstaak kan van die mees senior inwoners met wie onderhoude gevoer is vandag nog getuig. Na die uitdienstrede van "Miss Hanna" in 1915 het verskeie oud-studente van die opleidingskool die hoofskap van die laerskool beklee.

Met die uitsondering van "Miss Hanna" was al die skoolhoofde ook geordende leraars omdat die kerk hierdeur wou verseker dat "die Godsdiensonderrig nie nagelaat sou word nie omdat hulle geglo het dat dít die fondament vir 'n goeie Christelike karakter gelê het" (Balie, 1988: 167).

**2.11 Einde van 'n "goue era"**

Aan die begin van die twintigerjare het 'n stormagtige tydperk in die geskiedenis van Genadendal aangebreek.

'n Merkbare sedelike verval, gepaard met swak kerkbywoning was aan die orde van die dag. 'n Ondertoon van ontevredenheid met die dorpsbestuur deur die kerk was waarneembaar. Beskuldigings is teen die kerk ingebring. Onder andere is genoem dat hout en bome uit die bosse verkoop is sonder dat die kerk behoorlik finansiële verslae aan die gemeente voorgelê het. Die indruk wat geskep is, is dat die kerk tot 'n mate van kolonialisme beskuldig is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Geld wat uit Genadendal se bronne verkry is, is na Duitsland gestuur of vir persoonlike voordeel aangewend. Die hele aangeleentheid is op die spits gedryf toe verteenwoordigers van die kerk gedagvaar is om op 21 Maart 1922 in die Hooggeregshof in Kaapstad te verskyn op aanklagte wat deur sekere inwoners van Genadendal teen die kerk aanhangig gemaak is.

Die uitspraak van die Hof was egter dat geen getuienis gevind kon word dat enige grond vervreem is of enige bates aangewend is, anders as tot die voordeel en ontwikkeling van die dorp self nie (Balie, 1988: 158).

Die saadjies van onmin en wantroue is egter gesaai wat gekulmineer het in wedersydse dreigemente en ook tot gevolg gehad het dat talle inwoners die kerk verlaat het en sodoende die weg gebaan is vir die vestiging van ander kerkgenootskappe te Genadendal.

In 1926 het die Broederkerk finaal die beheer en bestuur van die sendingstasie Genadendal aan 'n nuutverkose Bestuursraad oorhandig. Dit sou beteken dat die Broederkerk slegs op sekere dele van die sendingstasie aanspraak kon maak, waarvoor die kerk kaart en transport ontvang het. Dit het dus beteken dat die Broederkerk slegs jurisdiksie kon uitoefen ten opsigte van grond wat deur die staat aan hom toegeken is (Balie, 1988: 159).

Volgens bronne was die oorhandiging van die beheer van die sendingstasie aan 'n Bestuursraad 'n groot verligting vir die kerk omdat die finansiële las wat daarmee gepaard gegaan het vir hom haas onhoudbaar geword het. Die onmin wat daar by sommige geheers het oor die wyse waarop die sendingstasie deur die kerk bestuur was, was nie bevorderlik vir die geestelike lewe van die gemeente nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die plaaslike leraar van Genadendal het selfs 'n telegram van gelukwense namens die kerkraad en gemeente aan die Bestuursraad met hul eerste sitting gestuur, waarin die wens uitgespreek is dat hulle die eenheid in die gemeenskap sou bewaar en dat die werk wat gedoen sou word altyd tot eer van God sou wees (Balie, 1988: 159).

Die kerk het om verskeie redes nie juis 'n keuse in die oorhandiging van die dorpsbestuur gehad nie, maar of die verandering wat plaasgevind het juis vir Genadendal as sulks en in besonder die opvoeding van sy kinders ten voordeel gestrek het, bly vir die skrywer 'n ope vraag.

Afgesien van die feit dat die Broederkerk nou nie meer vir die uiterlike sorg van die sendingstasie verantwoordelik was nie, het die kerk getrou aan sy roeping voortgegaan om om te sien na die sieleheil van sy lidmate en om in die onderwys en opvoedingsbehoeftes van Genadendal te voorsien.

Die jaar 1926 was vir die Broederkerk en in besonder vir die sendingstasie Genadendal 'n donker jaar in meer as een opsig. Ook in hierdie tydperk moes die kerk die ontstellende opdrag van die Onderwysdepartement ontvang om die opleidingskool op 31 Desember 1927 na 90 jaar van waardevolle diens te sluit. 'n Nuwe opleidingskool sou op Worcester opgerig word. Vertoë deur die Broederkerk tot die onderwysowerhede om die opleidingskool oor 'n paar jaar uit te faseer, is egter gunstig oorweeg en die laaste eerstejaarstudente het in 1934 afgestudeer en kon hul opleiding by ander opleidingskole voltooi (Balie, 1988: 169).

Voorwaar was die sluiting van die opleidingskool te Genadendal 'n minder aangename gebeurtenis in die geskiedenis van die Broederkerk, meer so omdat dit die eerste van sy soort in die geskiedenis van Suid-Afrika was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 2.12 Totstandkoming van 'n sekondêre skool te Genadendal

Sedert die jaar 1926 is die laerskool stelselmatig vergroot en het die leerlinggetalle van om en by 300 gegroei tot ongeveer 450 in 1937.

Dit het daartoe aanleiding gegee dat die plaaslike leraar, Eerwaarde L R Schmidt, in 1937 'n versoek aan die Superintendent-Generaal van Onderwys gerig het om 'n sekondêre skool te Genadendal op te rig. Die versoek is toegestaan.

Op 24 Januarie 1938 is die skool amptelik geopen met twee leerkragte en 26 leerlinge. Die leerlinggetal het oor die jare aangegroei en in 1947 het dit hoërskoolstatus verkry. Interessant om daarop te let dat die skool juis in dieselfde gebou wat in onbruik geraak het met die sluiting van die opleidingskool gehuisves was.

In 1954 het die skool verhuis na tydelike houtgeboue op 'n terrein wat deur die staat beskikbaar gestel is. Hierdie geboue sou vir 'n tydperk van hoogstens vyftien jaar benut word, maar 'n nuwe steengebou is eers in 1989 betrek.

Nog 'n mylpaal in die geskiedenis van opvoeding te Genadendal is die oprigting, deur die Broederkerk, van twee koshuise, naamlik Herrnhut-Huis vir hoërskoolseuns en Hester Dorothea-Huis vir dogters, wat in 1957 opgerig is.

Die seunskoshuis was gehuisves in dieselfde gebou wat as opleidingskool en later deur die sekondêre skool gebruik is. Die dogterskoshuis was gehuisves in die ou primêre skool wat toe in onbruik was nadat die primêre skool na 'n nuwe gebou verhuis het (Balie, 1988: 218).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die eerste koshuisvader van Herrnhut-Huis was Eerw. J J Ulster, later Biskop Ulster, bygestaan deur sy gade. Die koshuismoeder van Hester Dorothea-Huis was mej M Kroneberg, 'n dogter van een van die vorige hoofde van die opleidingskool en later ook van die primêre skool van Genadendal (Balie, 1988: 218).

Soos die naam Herrnhut aandui, naamlik "onder die hoede van die Here", kan hierdie poging van die Broederkerk werklik as 'n geloofsdaad beskou word, aangesien die Broederkerk hiermee 'n ekstra finansiële las op homself geneem het. Ook hier kan die beskerming van die Opperwese duidelik waargeneem word omdat die koshuise tot 1985 suksesvol en met baie seën bedryf is toe die swaar finansiële verpligtinge die kerk genoodsaak het om albei koshuise te sluit. Die besluit van die Broederkerk om twee koshuise vir hoërskoolleerlinge op te rig, het leerlinge van oor die hele land die geleentheid gebied om in hierdie rustige landelike gebied te studeer. Tydens 'n opname wat deur skrywer, as lid van die hoërskoolpersoneel, in 1982 gedoen is, is daar bevind dat daar leerlinge van nie minder as 47 verskillende dorpe van oor die hele land in Genadendal op skool was nie.

Talle aansoeke moes jaarliks afgekeur word as gevolg van gebrek aan ruimte. Die rede vir hierdie geweldige toename van aansoeke vir toelating tot die skool moet sekerlik in die lig gesien word dat daar huisvesting in kerkkoshuise beskikbaar was waar godsdiens 'n baie sterk inslag gehad het, onder streng toesig gestudeer moes word en kerkdienste gereeld bygewoon moes word. Dit het daartoe gelei dat leerlinge nie net intellektueel gestimuleer en voorberei is nie, maar ook geestelik verryk is. Die feit dat oudleerlinge in hul honderde van oor die hele land in September 1988 tydens die hoërskool se 50ste verjaarsdagviering na Genadendal gestroom het, is afdoende bewys dat die skole met hul koshuise 'n groot rol gespeel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



het ter voorbereiding van hierdie jongmense wat nou as volwassenes hul plek op alle vlakke volstaan.

Uit persoonlike gesprekke wat met baie van hierdie oud-leerlinge gevoer is, is dit baie duidelik dat hulle groot waardering het vir die Christelike inslag wat die kerk ook ten opsigte van hul opvoeding te Genadendal gehad het. Met die sluiting van die kerkkoshuise in 1985 het nog 'n goue era in die geskiedenis van opvoeding hier te Genadendal ten einde gekom.

Die staat het onderneem om die koshuis vir dogters by die kerk oor te neem en te bedryf tot tyd en wyl die koshuise by die nuwe skool gereed is.

Die nuwe hoërskoolgeboue is pas voltooi en betrek en twee koshuise wat verblyf sal bied aan 100 seuns en 100 dogters sal hopelik met ingang 1990 in gebruik geneem word.

Die primêre skool van Genadendal het tans 'n leerlingtal van net meer as 600 met 25 leerkragte en die hoërskool 'n leerlingtal van 500 met 27 leerkragte. 'n Wye kurrikulum met vakkeuses wat behalwe die basiese vakke en tale ook vakke soos Natuur- en Skeikunde, Landbouwetenskap, Ekonomie, Tik en Wiskunde insluit.

## 2.13 Verdere ontwikkeling van die drukkery tot 'n selfstandige sakeonderneming en die totstandkoming van 'n Boekdepot vir Christelike lektuur

Tot en met 1964 was die drukkery op 'n redelike klein skaal bedryf. Hoofsaaklik Christelike lektuur soos die maandelikse uitgawe van die Huisvriend, Dagteksboekie kerkalmanakke, en ander kerklike lektuur is gedruk. Alle setwerk is per hand gedoen en ook die drukpers is met die hand geopereer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



In 1964 is 'n Duitse drukker, Hans Ottlik, na Genadendal gebring met die opdrag om die drukkery te moderniseer en die bestuur daarvan oor te neem.

Dit was verstommend om waar te neem wat hierdie man in 'n baie kort tydjie kon vermag. Nuwe moderne drukperse is geïnstalleer en twee plaaslike seuns wat pas hul studies aan die sekondêre skool voltooi het, is as drukkers opgelei. Die drukkery is heeltemal gekommersialiseer en 'n groot verskeidenheid drukwerk van baie hoë gehalte kon gelewer word. Dit het egter nie meegebring dat die drukkery nie meer kerklike lektuur gedruk het nie. Die drukkery se taak was immers eerstens om in die drukbehoeftes van die Broederkerk te voorsien.

In hierdie tydperk is ook onder andere 3 uitgawes van die Morawiese Gesangboek plaaslik gedruk, die jongste so onlangs as 1986, saam deur die Lutherse Evangeliese Kerk en die Morawiese Broederkerk uitgegee. Ook volledige boekuitgawes is hier gedruk.

Met die verstryking van Hans Ottlik se kontraktermyn is 'n drukker van Kaapstad, 'n lid van die Broederkerk, James Adonis, aangestel om die beheer van die drukkery oor te neem.

Die drukkery het van krag tot krag gegaan, steeds meer moderne masjiene is toegevoeg, die gebou en personeel vergroot en met reg kan gesê word dat hierdie onderneming nie alleen in die behoeftes van die kerk voorsien nie, maar ook tot 'n groot mate in dié van die hele gemeenskap. Vanweë die uitbreiding wat by die drukkery plaasgevind het en die volume drukwerk wat geproduseer is, was die kerk genoodsaak om 'n boekdepot te Genadendal op te rig om die verspreiding en afset van kerklike lektuur te behartig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



In 1970 is Hendrik Pieters as die eerste bestuurder van genoemde Boekdepot aangestel. Mnr Pieters was voorheen verbonde aan die Sendingwinkel te Elim.

'n Groot verskeidenheid lektuur is by die boekdepot verkrygbaar en besoekers van oor die hele land besoek die depot gereeld op soek na geestelike lektuur en vir die aankoop van boeke wat handel oor die geskiedenis van Genadendal.

## 2.14 Genadendal se kultuurskat - Die Museum

In elke volk of gemeenskap se verlede is daar hoofmomente waarop hy trots is en kultuurgoedere wat hy graag vir die nageslag wil bewaar.

So ook het die Morawiese Broederkerk en veral Genadendal 'n geskiedenis waarop hy met reg trots kan wees. Dit is met groot dankbaarheid en waardering om te kan sê dat daar uiteindelik met die kerk se 250ste herdenking van sy bestaan 'n museum geopen kan word waar die ontstaan en geskiedenis van ontwikkeling ten toon gestel kan word.

Alhoewel dit die eerste daadwerklike poging is wat aangewend is om 'n volwaardige museum daar te stel, kan die eerste tekens van bewaringsbewustheid sover teruggevoer word as die aankoms van die drie sendelinge Marsveld, Schwinn en Kühnel in 1793. Nadat hulle die geskiedkundige Nuwe Testament van Oude Lena in ontvangs geneem het, was hulle eerste taak om 'n houtkissie, waarvan die hout afkomstig was van die eerste peerboom deur Georg Schmidt alhier geplant, te maak om die Bybel daarin te bewaar. Hierdie Bybel in die peerhoutkissie is vandag nog een van die kosbaarste en mees historiese artikels in die geskiedenis van die Broederkerk in Suid-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Afrika. Oor die jare heen het al die sendelinge pogings aangewend om gebruiksartikels te bewaar.

Die persoon wat egter die meeste gedoen het om historiese artikels en dokumente te bewaar, was Eerw. Schmidt wat baie jare leraar van Genadendal was. Met groot nougesetheid het hy dokumente bewaar en gebruiksartikels uit die verlede beveilig.

In die sestigerjare het wyle eerw. A W Habelgaan, wat toe leraar van Genadendal was, besef dat dit nodig was om 'n gebou as museum aan te wys en as sodanig in te rig. Heelwat kultuurhistoriese gebruiksartikels wat in onbruik geraak het, het 'n veilige bêre- en uitstalplekkie verdien waar dit deur belangstellendes en besoekers besigtig kon word (Die Huisvriend, Februarie 1989: 174).

Die enigste beskikbare gebou was die ou kleuterskool (1831) wat nie meer in gebruik was nie. In 1966 is die museum daar ingerig. Hierdeur is die eerste daadwerklike aksie geloods om die inwoners daarvan bewus te maak om hul erfenis te bewaar. Dit was egter baie gou duidelik dat hierdie gebou heeltemal ontoereikend was om die museum tot sy volle potensiaal te laat ontwikkel.

Ruimte moes gevind word vir klassifisering, restourasie en behoorlike bergplek. Hierdie projek het gestalte gekry toe die Broederkerk in 1987 sy 250ste bestaansjaar gevier het.

Die ou opleidingskoolgebou wat later as seunskoshuis gebruik was, is heeltemal gerestoureer en 'n behoorlike Museum kon ingerig word wat gedurende die feesvieringe in 1987 amptelik ingewy is. (Die Huisvriend, Februarie 1989: 175).

Uit 'n persoonlike onderhoud wat met die kurator van die museum, Isaac Balie, gevoer is, was dit duidelik dat met die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



oprigting van hierdie museum dit die kerk se oogmerk was om weg te beweeg van etnisiteit. Dit moet nie gesien word as 'n museum wat die kultuur van slegs een besonderse bevolkingsgroep uitbeeld nie, maar 'n museum in die ware sin van die woord. Dit is te betreur dat daar in hierdie opsig 'n mate van vooroordeel of 'n gebrek aan belangstelling by die owerheid te bespeur is.

Met die oprigting van die museum in sy huidige vorm word ook die oprigting van die opleidingskool 150 jaar gelede herdenk. Trouens, die museum is gewy aan 250 jaar van opvoeding aan Genadendal (Die Burger: 25 Februarie 1989).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 3

## 3. DIE DRIELEDIGHEID VAN OUERHUIS, KERK EN SKOOL AS VENNOTE IN DIE OPVOEDINGSTAAK

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word besin oor die rol van die kerk en skool in die opvoedingsgebeure en die moontlike vennootskap tussen die twee in die opvoeding van die kind.

Tree elkeen in sy eie belang op, het elk 'n afsonderlike roeping en einddoel met die opvoeding van die kind, of is hulle werklik vennote van mekaar?

As die woord opvoeding gebruik word, tree 'n drieledigheid dadelik na vore, naamlik die vennootskap tussen ouer, kerk en skool. Alhoewel vir die doeleindes van hierdie verhandeling nie in diepte ingegaan sal word op die rol van die ouer nie, is dit tog noodsaaklik om sy rol oorsigtelik ook by te haal.

#### 3.1.1 Ouer as vennoot

"En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit ...." (Deut 6: 6 - 7). Gedagtig aan hierdie opdrag van God in samehang met die belofte wat elke Christelike ouer by die dooptafel in verband met sy/haar kind aflê laat nie die minste twyfel dat die opvoeding van die kind vir die Christenouer 'n Godgegewe opdrag is nie. "Dit is Gods bevel aan die ouers aan wie Hy die kind skenk, om hom groot te maak: hulle is die eerste en natuurlike opvoeders van die kind." (Coetzee, 1970: 319).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Dit is dus in die eerste plek die ouer se plig voordat die kind aan die sorg van die skool toevertrou word om die kind op te voed ooreenkomstig "die lering en vermaning" van God en sodoende by hom die deugde van 'n Christenmens in te skerp. Dit is ook voorts die ouer se verantwoordelikheid om die regte gesindhede van geloof, liefde, gehoorsaamheid, eerbied, eerlikheid, selfbeheersing en positiewe wilsontwikkeling by die kind tuis te bring en om 'n huisatmosfeer te skep waarin hy kan opgroei, wat hom te alle tye sal laat besef dat hy deur sy lewe ook God se wil moet nastrewe en uitvoer.

Dit kan dus gesê word dat binne die Christelike gesinsverband word die kind in 'n intieme en God-gewilde verband gelei en ondersteun tot sinvolle lewensontplooiing om tot eer van God te lewe en so sy doel te bereik (Algemene Jeugkommissie, 1984: 4).

Daar bestaan dus nie die minste twyfel dat in die Christelike opvoeding die ouer 'n onmisbare skakel in die opvoedingsvennootskap, naamlik dié van gesin, kerk en skool, is nie.

### 3.1.2 <u>Die rol van die Kerk</u>

Net soos in die geval van die ouer of huisgesin het die kerk ook 'n Godgegewe taak om bemoeienis te maak met die opvoeding van die kind.

God het in Sy alwysheid sekere samelewingsverbande daargestel of laat ontwikkel wat hierdie ontplooiing- of opvoedingsproses as taak sou hê, naamlik, die gesin, die kerk en skool.

Al drie het dus te doen met die opvoeding en onderwys van die kind. Al drie het dieselfde uiteindelike doel met die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



onderwys. En tog werk hulle nie plaasvervangend nie, maar naas mekaar en aanvullend tot mekaar (Algemene Jeugkommissie, 1984: 3).

Voor Sy hemelvaart het Christus aan Sy kerk 'n baie belangrike opdrag gegee, naamlik om uit al die nasies vir Hom 'n volk te versamel en van hulle dissipels te maak en hulle te leer om tot Sy eer te lewe. Hierdie "leer" sluit ook die opvoeding en onderwys van die kind in (Matt 28: 19 - 20). Dit beteken dat die kerk as Sy liggaam in gehoorsaamheid aan die Woord en in die lig van die Skrif sy getuienis op alle terreine in en teenoor die wêreld lewer, dit wil sê ook in die formele, nie-formele en informele onderwys (Algemene Jeugkommissie, 1984: 5).

As instelling het die Kerk opgekom uit die besondere genade van God, en moet dit die Woord van God bewaar, verdedig en aan die jonger geslag leer en meedeel. In die Kerk is saamgebind mense van gelyke oortuiging, kinders sowel as volwassenes.

Hierin lê juis die verband tussen die kerk en die skool, want die kerk behou prinsipieel die reg van medeseggenskap in die wêreldlike onderwys en opvoeding van sy jeugdige lidmate. Die kerk mag en moet toesig hou oor die lewe, leer en wandel van sy lidmate; dit mag en moet toesien dat sy jeug onderwys ontvang en opgevoed word in die leer wat na Godsaligheid lei (Van Rensburg, 1949: 21).

Vir die opvoeder hou die opvoeding van die kind ook bepaalde implikasies in: opvoeding is in wese hartsvorming en hartsopvoeding van die kind wat aan die opvoeder se sorg toevertrou is (Van der Walt, 1983: 14).

Die kinders uit Christelike huisgesinne is dooplidmate van hulle verskeie kerke, en as sulks het die kerk 'n baie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



besliste plig om bemoeienis te maak met die opvoeding van die kinders wat aan sy sorg toevertrou is.

Sonder geloof is die menslike bestaanwyse ondenkbaar (Van Zyl, 1973: 106). Dit is hierdie geloof in sy Opperwese wat die kerk by die opgroeiende kind lewendig moet hou. Die mens het nood aan 'n geloofsanker. Daar moet in gedagte gehou word dat die kind 'n wêreld ingestuur word waarin hy aan allerhande sondige bedreiginge blootgestel sal word en dan is dit juis dit wat die mens in afhanklikheid na God laat gryp (Van Zyl, 1973: 251).

Van die mens word verwag om sinvol te leef en dit beteken dat daar volgens Christelike behoorlikheidseise of maatstawwe geleef word. Hierdie eise word deur God, die Christelike kerk en die Christelike gemeenskap aan hom gestel (Visser, 1982: 106). Dit is dan ook die plig van die kerk om aan hierdie eis te voldoen. Dit is dus die kerk se taak, sonder dat hy op die terrein van die skool en onderwys begewe, om toe te sien dat ook vir en na die kind se sieleheil omgesien word.

Daar kan sekerlik nie vandag in Suid-Afrika van opvoeding gepraat word, en dit sluit onderwys aan alle bevolkingsgroepe in, as daar nie erkenning gegee word aan die kerk vir die rol wat hy gespeel het en die bydrae wat gelewer is in die daarstelling van onderwysgeleenthede nie. Alhoewel die primêre opvoedingstaak van die kerk die godsdienstige opvoeding van die kinders van sy lidmate is en nie soseer finansiering en fasilitering nie, het die kerk tog in die onderwysgeskiedenis in die RSA ook 'n groot rol gespeel in die oprigting van onderwysgeboue en die skep van fasiliteite.

Daar kan verwys word na die vele kerkkoshuise wat oor die jare heen deur verskillende kerkgenootskappe opgerig is om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



huisvesting te verskaf aan leerlinge wat van verafgeleë plekke moes kom om 'n skool by te woon. Ook is koshuisgeriewe verskaf aan behoeftige en liggaamlik en geestelik gestremde kinders.

Vele weeshuise is ook deur die jare opgerig waar kinders kosteloos gehuisves en opgevoed is (Kritzinger, 1937: 1137). Die kind moet op dié vroeë ouderdom nog steeds gelei en gesteun word sodat sy verhouding tot God, die ander en die wêreld tot ware verantwoordelikheidsverhoudinge kan ontwikkel (Gunter, 1964: 466; Van der Walt en Dekker, 1982-3: 221).

Met die oprigting en bedryf van skoolkoshuise het die kerk dus 'n essensiële taak verrig tot die verwesenliking van hierdie doel, naamlik die bevordering van onderwys en opvoeding in sy geheel. Met die daarstelling van hierdie inrigtings is huisvesting aan hulpbehoewende leerlinge verskaf, maar bowenal kon die kerk deur middel van hierdie instelling die geleentheid gebruik om ook die Woord van God aan die jeug te verkondig en lewendig te hou. Nie net is na hulle liggaamlike behoeftes omgesien nie, maar hulle is ook in kontak gebring met die Woord wat hulle tot geestelike verdieping kon lei.

Een van die vroeëre leiers van die Morawiese Broederkerk was Johan Amos Comenius. Hy word meermale beskou as een van die grootste opvoedkundiges na die Hervorming. Hy het gelewe in die jare 1592 - 1670 en is gebore in Niwnitz in Boheme. Hy het verskillende opvoedkundige werke geskrywe, waarvan <u>Didactica Magna</u> die bekendste is. Hy was verbonde aan die Morawiese Broederskool te Pierau en is later as leraar georden. In 1618 word hy na Tulneck 'n setel van die Boheemse Broeders in Moravia, beroep waar hy die leiding oor kerk en skool oorneem. Behalwe sy herderlike pligte was hy nou weer voltyds 'n onderwysman (Coetzee, 1970: 222).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Ook by Comenius staan die godsdienstige doel in die opvoeding voorop. By hom was daar geen twyfel dat die mens se bestemming sy geluksaligheid by God is nie.

Deur die sondeval het daar egter 'n verwydering tussen God en die mens ingetree en die heerlikheid van die beeld van God is in die mens verlore. Maar alle dank aan God dat die mens weer deur Jesus Christus in God geluksalig kon word.

Die kragtigste middel tot diens van die mens om homself uit hierdie vervalle toestand te red en geluksaligheid by God te verwerf, is die opvoeding. Dit is dus die taak van opvoeding en onderwys om die mens daardie kennis van homself en van ander dinge te gee wat hom tot selfbeheersing, deug en vroomheid sal lei. Dié kind moet dus opgroei in kennis, deug en vroomheid: in dié drie lê vir Comenius die hoogste doel van die opvoeding (Coetzee, 1970: 224).

Volgens Comenius dus was dit die kerk se taak om bemoeienis te maak met die opvoeding van die kind om te verseker dat hy, die latere volwassene, gelei word tot 'n diensbare burger in relasie tot sy medemens, maar bowenal tot verheerliking van God.

Sedert die totstandkoming van onderwys in Suid-Afrika is daar ook talle voorbeelde waar die kerk die inisiatief geneem het om nie slegs behulpsaam te wees met die verkryging of verskaffing van boekkennis vir die kind nie, maar waar ook pogings aangewend is om sy toekomstige lidmate op praktiese gebied vir die volwasse lewe voor te berei.

So is daar ambagskole opgerig en werkswinkels ingerig waar een of ander ambag of vaardigheid aangeleer kon word wat hy of sy later weer tot diens van sy of haar medemens kon aanwend. Verskillende kerkgenootskappe het ook die behoefte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



ingesien vir die oprigting van opleidingskole waar onderwysers opgelei kon word. Daar kan sekerlik met reg aanvaar word dat die oprigting van opleidingskole deur kerkgenootskappe nie net 'n behoeftebevrediging ten opsigte van onderwysopleiding was nie, maar in die eerste plek gegaan het om onderwysers op te lei wat daartoe geroepe gevoel het om 'n rol te vervul ten opsigte van die omhoogleiding van die kind na volwassenheid ter ere van en in nastrewing van die wil van God.

Die kerk was ook instrumenteel in die opleiding van boere in die plattelandse gebiede en het so gehelp dat mense selfversorgend kon word (Balie, 1988: 138).

'n Baie belangrike ontwikkeling, ook deur bemiddeling van verskillende kerkgenootskappe, was die oprigting van klein fabrieke en tuisnywerhede op sommige sendingstasies. Om maar enkeles te noem; 'n leerlooiery, hoedefabriek, messemakery, meubelmakery te Genadendal en later 'n looiery en skoenfabriek te Wupperthal. Bedrywighede op Genadendal het benewens die reeds genoemde oprigting van 'n drukpers ook die oprigting van 'n koringmeul ingesluit.

'n Ander gebied waarin die kerk ook 'n leidende rol gespeel het, en wat seker nooit na waarde geskat kan word nie, is kultuuroordrag. Hier word veral gedink aan die opleiding wat gegee was ten opsigte van musiek. Veral in die Morawiese Broederkerk het musiek tot vandag toe 'n baie groot rol gespeel. Sorg is gedra dat leerlinge 'n grondige kennis van musiek ontvang. Orreliste, koorleiers en blaasorkesleiers is opgelei, wat later weer op hul beurt in dié opsig diensbaar kon wees in die gemeenskappe waar hulle gedien het. Die oordrag van kultuur deur middel van musiek het 'n baie verrykende invloed op jongmense, want in die beoefening daarvan wek dit ook by die leerling of kind 'n sin vir dieper waardes. Dit is 'n geestelike verryking wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



hom as volwassene altyd daaraan sal herinner dat hy of sy ook deur middel van musiek sy God kan dien (Krüger, 1966: 179 - 181).

Daar kan op hierdie stadium by die Christenmens geen twyfel meer bestaan dat die kerk die reg tot bemoeienis in die opvoedingsgebeure van die kind het nie. Soos later aangedui sal word, is die einddoel van die kerk en dié van die skool met betrekking tot opvoeding een en dieselfde, naamlik die begeleiding en omhoogleiding van die kind tot volle wasdom ter ere van sy Heer en Meester.

### 3.1.3 Die rol van die skool in die opvoeding van die kind

Opvoeders se siening van die aard, wese en doel van opvoeding verskil dikwels vanweë lewensbeskoulike verskille. In hierdie studie word die klem geplaas op 'n bepaalde Christelik-pedagogiese perspektief.

Humanisties-georiënteerde opvoedkundiges huldig 'n siening wat om die mens gesentreerd is, met 'n miskenning van die bestaan van 'n God en dus ook 'n miskenning van die feit dat ten opsigte van die opvoeding van die kind 'n God- of hiernamaalsgerigtheid van besondere betekenis is. Die godsdienstige lewe van die mens is hoogstens van sekondêre belang.

Die vertrekpunt van die Christelike opvoedingsfilosofie is dat die kind 'n geskapene na die beeld van God is, bestem vir 'n lewe na Godswoord deur Sy liefde met wederliefde te beantwoord en sy naaste soos homself lief te hê (De Vries, 1985: 244). Hierin setel die taak van die opvoeder en dus ook die skool as opvoedingsinrigting.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Vanuit 'n Christelike perspektief gesien, beteken dit dat die kind van kleins af gehelp moet word tot 'n begrip van goed en kwaad volgens die verordeninge van Godswoord (Gunter, 1975: 174 - 177). Dit is dus die taak van die Christelike opvoeder om sy opvoedeling deur middel van die skool tot hierdie einddoel te lei.

Die Christen se siening van opvoeding bots lynreg met dié van die humanistiese ideologieë waarna reeds verwys is. Volgens Gunter verskil die Christen se siening omtrent die wese en doel van opvoeding byvoorbeeld radikaal van dié van die Naturalis en Pragmatis. Vir die Christen is opvoeding nie 'n saak van aanpassing by die natuur of natuurlike groei ter wille van meer groei soos hierdie ideologieë beweer nie, maar gaan dit om die begeleiding van die kind deur aanvaarding, steungewing en positiewe beïnvloeding langs die weg van onderrig en voorbeeld tot 'n lewe van liefde - liefde tot God en die naaste in die wêreld waarin jy woon. Die totaaldoel van opvoeding is die omhoogleiding van die kind tot die goeie lewe, want alleen 'n lewe vanuit die geloof as 'n positiewe eksistensiële verhouding tot God en daarom ook tot die naaste en die wêreld is die ware en goeie lewe (Gunter, 1970: 56). Volgens hom is kennis van die wêreld en vaardigheid noodsaaklik en wesenlike bestanddele van 'n Christelike lewensideaal.

In sy boek <u>Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde</u> sê Gunter dat daar nooit uit die oog verloor moet word dat die kind 'n totaliteit is nie, 'n wese na liggaam en siel. Dit is die skool se taak om daarna te strewe om "die Christelike ideaal van 'n volle goeie en deugsame lewe saam met en vir die medemens in die wêreld tot eer van God" te lei (1975: 122).

Tussen die Christelike lewensbeskouing en opvoeding is daar die nouste verband. Albei wil die mens en dus die kind na

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



'n volwaardige, gelukkige menslikheid lei. "Deur God as Vader en die mens lewenslank as Sy kind te beskou, is die God-mens verhouding van die Bybel uiteraard 'n pedagogiese verhouding" (Pistorius, 1976: 245). Die opvoeder en dus die skool se taak is om die hele kind op te voed. Na liggaam én siel. Daar is dus verskillende aspekte van die kind se opvoeding waaraan aandag gegee moet word.

Die intellektuele aspek waar besondere aandag gegee word aan die intellektuele ontwikkeling van die kind, is uiters belangrik. Eweneens is die ontwikkeling van die liggaam van die kind van groot belang en mag daar sekerlik nooit in die opvoedingsproses nagelaat word nie om die opvoedeling gedurig daarop attent te maak dat sy liggaam die tempel van God is en as sulks gerespekteer moet word.

Dit is ook die skool se taak om die kind op te voed om te besef dat hy 'n sosiale wese is en in die wêreld waarin hy leef op die samesyn van sy medemens aangewese is. Ook behoort aandag geskenk te word aan die sedelike, met ander woorde die norme van reg en verkeerd waarvolgens die kind in die samelewing moet lewe. Die religieuse aspek van opvoeding van die kind, as die normatief hoogs waardevolle, kan nooit genoeg beklemtoon word nie. Hierdeur kan hy gedurig herinner word aan die God-ek-relasie en sy lewe lank onthou dat hy in relasie staan teenoor sy Skepper (De Vries, 1985: 12).

Dit is ook die skool se taak om leiers te vorm, sterk leiers wat later hul plek in die samelewing kan volstaan en hul Christelike beginsels kan handhaaf. Die uiteindelike doel van Christelike opvoeding tot leierksap is: "The full development of the individual in terms of his destiny as a child of his Creator" (Cawood and Gibbon, 1980: 165).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Ten spyte van wat die siening mag wees van diegene wat 'n ander lewensbeskouing huldig, kan daar by die Christelik georiënteerde opvoeder geen twyfel bestaan oor wat die aangewese weg behoort te wees wat die skool moet volg met betrekking tot die kind se omhoogleiding na volwassenheid nie. Christelike opvoeding is immers Bybels gefundeerd en geskied in opdrag van en in gehoorsaamheid aan die Woord van God. Alle denkrigtings wat 'n ideologiese grondslag het en die bestaan van 'n Opperwese misken, moet dus verwerp word.

Christelike opvoeding is 'n diens aan God in gehoorsaamheid aan Sy wil. Alles, ook 'n mens se toepassing van 'n opvoedingsmetode, is van God afhanklik vir die ontstaan, bestaan en voortbestaan daarvan (Van der Walt, 1980: 30, 67).

Dit moet weer eens beklemtoon word dat die skool nie plaasvervangend vir die ouerhuis is nie. Die huisgesin, kerk en skool het al drie dieselfde uiteindelike doel met die opvoeding van die kind. Hulle werk dus nie as plaasvervangers vir mekaar nie, maar naas en aanvullend tot mekaar (Algeme Jeugkommissie, 1984: 3).

Deurdat die ouers nie daartoe opgelei is om die intellektuele vermoë van die kind te ontwikkel nie, laat hy dit aan die skool, wat daartoe toegerus is, oor om die intellek en kennis van die kind te help ontwikkel en verbreed.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## HOOFSTUK 4

## 4. EVALUERING VAN DIE OPVOEDINGSWERK VAN KERK EN SKOOL TE GENADENDAL

### 4.1 Inleiding

Aan die hand van beskikbare bronne is in die vorige hoofstuk aangetoon dat kerk en skool gelyke vennote in die onderwys en opvoeding van die kind is. In hierdie hoofstuk sal gepoog word om te evalueer in welke mate die Morawiese Broederkerk, met besondere verwysing na Genadendal se bydrae, daarin geslaag het om uitvoering te gee en getrou te bly aan die Godgegewe opdrag ten opsigte van opvoeding en die handhawing van die norme waaraan 'n Christelik-georiënteerde opvoedingsisteem gekenmerk word.

Pogings sal ook aangewend word om vas te stel in welke mate kerk en skool in vennootskap saamgewerk het om hul ideale ten opsigte van opvoeding te bereik. Om die hele aangeleentheid in perspektief te plaas, sou dit nodig wees om terug te gaan reg tot aan die begin van 1737 met die aankoms van Georg Schmidt aan die Kaap, waar onderwysvoorsiening aan die inheemse bevolking, te wete die Khoi, sy werklike oorsprong het.

#### 4.1.1 Georg Schmidt se bydrae tot onderwys aan die inboorlinge

Daar kan met oortuiging gesê word dat met die koms van Georg Schmidt na die Kaap nie net bekering tot die Christendom, met betrekking tot die heidene alhier, beoog is nie, maar opvoeding in die ware sin van die woord.

In die 17 - 18de eeu het daar 'n baie sterk gevoel van peïtisme in Europa geheers. Aangevuur deur hierdie gevoel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



het ook die Hernude Broederkerk homself geroepe gevoel om sendelinge na vreemde lande te stuur om onder heidene bekeringswerk te doen. Sekerlik nie net bekering nie, maar ook om mense op te voed tot 'n beter lewe waardeur hul horison verbreed sou word, met ander woorde opvoeding van die mens in sy totaliteit.

Georg Schmidt is gekies om na die Kaap te kom toe daar verneem is van die spesiale behoefte wat daar bestaan het om bekeringswerk onder die Khoistamme alhier te doen.

Onmiddellik na sy aankoms in Baviaanskloof het hy met alle erns met sy werk begin (supra, Hoofstuk 2, p. 20). Schmidt het hom dit ten doel gestel om nie net na die sieleheil van hierdie mense om te sien nie, maar ook pogings aangewend om hulle te leer lees en skryf. Alhoewel sy dienstydperk weens sekere omstandighede redelik kort was, het hy alles in sy vermoë gedoen om behalwe sy herderlike pligte ook 'n vorm van onderwys, hoe elementêr ook al, daar te stel.

### 4.1.2 Skoolvoorsiening en die kerk se aandeel in die onderrig van kinders en kultuuroordrag na hervatting van die werk in Baviaanskloof

Met Schmidt se terugkeer na sy vaderland het daar 'n onderbreking van byna 50 jaar aangebreek waarin die opvoedingswerk op Baviaanskloof tot stilstand gekom het. Met die aankoms van Marsveld Schwinn en Kühnel is die opvoedingswerk egter weer in alle erns aangepak.

Reeds in 1793 is 'n skool weer heropen. Geen skoolgebou was vir hierdie doel beskikbaar nie en klasse is in een van die vertrekke van die huis van die sendelinge gehou.

In 1814 is die eerste volwaardige skoolgebou in gebruik geneem. Reeds in hierdie tydperk was dit duidelik dat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



sendelinge baie groot klem op godsdiensonderrig geplaas het. Nie alleen moes 'n kind intellektueel opgevoed word nie, maar ook onderrig word om aan die Woord en Wil van God gehoorsaam te wees. So is daar byvoorbeeld 'n boekie Die namen van Jesus aan elke leerling oorhandig wat goed op skool presteer het. In ander gevalle is leerlinge vir uitsonderlike prestasies met 'n Bybel of Nuwe Testament beloon (Balie, 1988: 48).

Hierdie geskenke sou nie alleen dien tot aansporing nie, maar sou ook verseker dat die kind gedurig in aanraking bly met die Woord van God en hom of haar daaraan herinner om 'n Christelike lewe te lei. 'n Persoon wat 'n groot rol gespeel het in die opvoeding te Genadendal in hierdie tyd was Hans Peter Hallbeck, 'n Sweedse teoloog. Hy het spesiale pogings aangewend om geestelike lektuur ook aan die skoolgaande jeug beskikbaar te stel.

Gedurende die 19de eeu is daar geweldige vordering gemaak op onderwysgebied en is die kurrikulum uitgebrei om aan te pas by stelsels wat in oorsese lande in gebruik was, maar dit is belangrik om daarop te let dat ten spyte van die uitbreiding op intellektuel vlak Bybelonderrig steeds die belangrikste vak in die skoolkurrikulum was - 'n bewys dat die kerk nougeset gewaak het oor die geestelike opvoeding van sy lidmate.

Dat die kerk bo en behalwe intellektuele ontwikkeling, 'n hoë premie op die geestelike ontwikkeling van sy kinders geplaas het, kan gesien word in die lig van die strewe om die kind omhoog te help lei om te word wat hy behoort te wees. Dit is dus 'n poging tot ware kindgerigte opvoeding waardeur die kind moet word soos hy behoort te wees en sluit in sy opvoeding tot kennis, aanvaarding en eerbiediging van, en gehoorsaamheid aan die gesag van die norme van reg en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



verkeerd, goed en kwaad, behoorlik en onbehoorlik (Gunter, 1975: 57).

In aansluiting hierby is spesiaal aandag geskenk aan die aanleer van geestelike liedere. So is byvoorbeeld Die Morawiese Gesangboek, The Training School song book en die Zangvriend gedurende sanglesse gebruik (Balie, 1988: 92). Om aan te toon welke belangrike rol godsdiens destyds in die skool gespeel het, kan genoem word dat met die begin van die 20ste eeu dit gebruiklik was dat ouers die eksaminering van die leerlinge aan die einde van die jaar bygewoon het. 'n Spesiale program is vir die geleentheid opgestel. Selfs hierdie seremonie is begin met die sing van 'n geestelike lied waarin die kinders eers oor hulle Bybelkennis getoets is en daarna het die gewone skoolvakke gevolg (Balie, 1988: 128).

Dit is ook beduidend om daarop te let dat sedert die totstandkoming van 'n formele onderwysstelsel te Genadendal alle skoolhoofde, met die uitsondering van 'n Engelse dame, Miss Hanna, almal geordende leraars was. Hierdie tradisie word tot op hede nog gehandhaaf. Hierdeur het die kerk verseker dat Godsdiensonderrig in die skool nie nagelaat sou word nie omdat hy geglo het, en steeds glo, dat dit die fondament vir 'n goeie Christelike karakter gelê het (Balie, 1988: 167).

Oor die jare heen was die hou van Sondagskool 'n gereelde instelling en is dit vandag nog die geval, waardeur verseker word dat die kind in gereelde kontak gebring word met die Woord van God.

Gedurende skoolure word die dag begin met 'n gesamentlike môreseën en in elke individuele klas word die Onse Vader gebid of 'n gesangvers gesing voordat die leerlinge vir die dag verdaag. Spesiale periodes word ook afgestaan aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Bybelonderrig. 'n Spesiale feesdag, bekend as Kinderfees, word elke jaar op die 17de Augustus of die naaste Sondag daaraan gevier. Dit is ter herdenking aan 'n geestelike hervorming wat op 17 Augustus 1727 onder die kinders van Herrnhut in Duitsland plaasgevind het. Die leerlinge van die skool word spesiaal afgerig om geestelike liedere op hierdie dag voor te dra. Die tradisie van hierdie fees word oor al die jare getrou gehandhaaf omdat tereg geglo word dat die viering daarvan 'n geestelike verryking vir die kinders tot gevolg het.

Die Morawiese Broederkerk is tradisioneel 'n singende kerk. Derhalwe word ook in die skool spesiale aandag aan sangafrigting gegee en het skoolkore oor die jare heen sang van 'n baie hoë gehalte gelewer.

Een van die aangenaamste persoonlike ondervindinge van skrywer was 'n besoek aan die primêre skool gedurende 'n etenspouse en om aan die einde van die pouse te hoor hoedat een van die leerkragte 'n tafel-dankgebed begin sing en al die leerlinge net waar hulle voor hulle klaskamer staan uit volle bors inval en saamsing sodat dit oor die hele vierkant van die skoolterrein weergalm. Dit is sedertdien afgeskaf, maar dit het by die kind die wete ingeskerp dat hy teenoor sy Skepper dankbaar moet wees, ook vir die voedsel wat hy nuttig (Ps 103: 2).

Gedagtig aan Jesus se intog in Jerusalem word op Palm-Sondag en Eerste Advent by 'n spesiale kerkdiens 'n lied gesing genaamd Hosanna. By hierdie geleentheid sing die kerkkoor en al die leerlinge van die skool hierdie koorstuk in die vorm van beurtsang. Baie indrukwekkend.

Dit is almal geleenthede wat deur die kerk geskep word om die kind te herinner aan sy Hemelse Vader en hom daarop

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



attent te maak dat hy ook deur middel van sang sy Heer en Heiland kan dien.

In die tagtigerjare is 'n junior kerkkoor op die been gebring. Die koorlede is hoofsaaklik afkomstig van die senior primêre leerlinge, bygestaan deur 'n aantal oudleerlinge wat huidiglik in die junior klasse in die Sekondêre Skool is. Hierdie koor lewer sang van uitstaande gehalte en tree dikwels by kerkdienste en ander spesiale geleenthede op.

Leerlinge van beide Primêre en Sekondêre skole word aangemoedig om by die kerk se basuinkoor aan te sluit. Oor die laaste aantal jare bestaan die basuinkoor hoofsaaklik uit leerlinge verbonde aan dié twee skole. Uit persoonlike ondervinding na 'n jarelange verbintenis met die blaasorkes het bewys dat ook in hierdie opsig wonderlike opvoedingwerk gedoen word, waar die kind onder andere dissipline, 'n liefde vir musiek en bowenal 'n liefde en respek vir kerklike instellings en die norme wat daarmee gepaard gaan, ontwikkel. Dit bring die kind tot die besef dat hy ook op hierdie wyse die Here kan dien.

Alhoewel sang en sangonderrig as 'n sekondêre skoolaktiwiteit gesien kan word, dien dit ook die pedagogiese doelstelling dat dit in diens staan van die opvoedende onderwys van die leerlinge en is dit dus beslis 'n bydraende faktor in diens van opvoedende onderwys (Gunter, 1975: 58).

In die sekondêre skool word daar ook na gestrewe om streng Christelike norme te handhaaf. Die leerlinge, alhoewel hulle aan verskillende kerklike denominasies behoort, is almal afkomstig uit Christelike huisgesinne en dit is vir hulle dus nie vreemd dat Christelike norme ook in dié skool nagestrewe word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Môreseën word op 'n gereelde grondslag gehou en die kurrikulum maak ook voorsiening dat bo en behalwe die vak Bybelkunde, wat 'n eksamenvak is, Bybelonderrig ook aan al die klasse aangebied word. Dit is egter te betreur dat sommige leerkragte hierdie geleentheid misbruik deur dit vir ander doeleindes aan te wend.

Dit ten spyte word streng geestelike norme gehandhaaf en daarna gestrewe om ook die sekondêre leerling nie net akademies toe te rus nie, maar hom ook daarvan bewus te maak dat dit van elke Christenmens verwag word om na die Wil en tot eer van God te lewe.

Pedagogies gesien, behoort elke skool, om te beantwoord aan die eis van opvoedende onderwys in die ware sin daarvan in en deur sy vakonderwys en al sy ander werksaamhede en aktiwiteite toegespits te wees op die ontwikkeling van sy leerlinge in hul totaliteit, dit wil sê, voorsiening maak vir die onderwysende opvoeding van elke leerling as 'n ondeelbare liggaamlik-geestelike geheel in sy relasie tot die wêreld van voorwerpe of dinge, tot die medemens en tot die Transendente. Met ander woorde, die skool moet hom ten doel stel om na die beste van sy vermoë by te dra tot die liggaamlike, verstandelike, sedelike, estetiese, sosiale en godsdienstige opvoeding van sy leerlinge (Gunter, 1975: 69).

Beide skole te Genadendal het in die verlede, en so nog steeds, daarna gestrewe om uitvoering te gee aan hierdie eise wat aan hulle gestel word en daar word gehoop dat dit in die toekoms nog steeds die geval sal wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 4.1.3 Opleiding van Onderwysers

Die ontstaan en ontwikkeling van die opleidingskool vir onderwysers te Genadendal is reeds in 'n vorige hoofstuk redelik breedvoerig behandel. By die keuring van kandidate om tot die opleidingskool toegelaat te word, het die kerk baie streng Christelike norme toegepas.

Bo en behalwe die feit dat die kandidaat aan streng akademiese standaarde moes voldoen, is noukeurig gelet op die kandidaat se geestesingesteldheid tot sy beroep en sy moontlike toekomstige diensbaarheid aan sy God (Schmidt, 1935).

As 'n bestaan in die wêreld, het elke mens 'n taak om te verrig ter wille van homself en die gemeenskap waarvan hy lid is. Trouens, sy hele lewe is 'n opgawe, opdrag of taak vir die behoorlike vervulling waarvan onder meer arbeid in een of ander vorm noodsaaklik is. Hy is in staat, en nog meer, geroepe tot arbeid (Gunter, 1975: 89).

Dit is sekerlik die mens se geroepenheid en bereidwilligheid tot arbeid en diens wat die kerk genoop het om hoë eise aan sy onderwyskandidate te stel. Daar is veral ook gelet op leiereienskappe, want onderwysers wat by die inrigting opgelei is, sou bes moontlik later na ander gemeentes uitgeplaas word waar hulle leiersposisies sou beklee.

Baie aandag is ook gegee aan opleiding in musiek. Daar is van alle kandidate verwag om minstens een musiekinstrument te leer bespeel, want dit was die oogmerk van die kerk dat die dienste van hierdie mense later aangewend sou word as orreliste en koor- en basuinkoorleiers in die verskillende gemeentes waar hulle werksaam sou wees. 'n Hele aantal studente wat in die opleidingskool te Genadendal hul opleiding ontvang het, is later as leraars georden.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die verskillende vertakkinge wat die opleiding van hierdie jong onderwysers behels het, moet nie net gesien word in die lig van hul bruikbaarheid later nie, maar ook in die lig daarvan dat dit vir hulle geestelik verrykend was. Veral met betrekking tot hulle opleiding in musiek. Dit is 'n erfenis wat vandag nog in die Morawiese Broederkerk waarneembaar is.

Die totaliteitskriterium wat Gunter as 'n voorvereiste vir die opvoedende onderwys van kinders stel, kan ook hier van toepassing gemaak word omdat in hul opleiding daar nie net 'n vakgerigtheid tot ontwikkeling en uitbreiding van kennis was nie, maar ook die ontwikkeling van die estetiese.

'n Goue era in die opleiding van onderwysers het in 1934 vir die Morawiese Broederkerk en vir Genadendal in besonder ten einde geloop toe die opleidingskool weens gebrek aan finansiële steun finaal moes sluit.

Sedert die begin van die 20ste eeu het die kerk die instandhouding en bedryf van die opleidingskool finansieel al hoe moeiliker gevind. Die Departement van Onderwys was bereid om finansiële steun te verleen, maar die voorwaardes wat gestel is, was vir die kerk onaanvaarbaar (Schmidt, 1935: 20).

Met die karige middele tot hulle beskikking het die kerk moedig voortgegaan, maar moes helaas in 1934 die deure van hierdie inrigting finaal sluit. Op hierdie stadium was daar juis onderhandelinge aan die gang om ook studente van ander kerkgenootskappe tot die skool toe te laat. 'n Keuse moes gemaak word om die skool op Genadendal te behou of om 'n soortgelyke skool op Worcester op te rig. Die keuse het op Worcester geval, deur bemiddeling van hulle parlementslid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Dit is 'n groot jammerte dat 'n sameloop van omstandighede daartoe gelei het dat so 'n geskiedkundige inrigting wat oor soveel jare sulke prysenswaardige werk verrig het, sy deure finaal moes sluit.

### 4.1.4 Opleiding van ambagslui

Die oorspronklike doel met die uitstuur van sendelinge na die Kaap was om bekeringswerk onder die inboorlinge te doen en om hulle vir die koninkryk van God te wen.

Die Broederkerk in Duitsland moet egter geloof word vir hulle visie en wysheid om sendelinge vir hierdie taak te kies wat bo en behalwe hulle geestelike taak en roeping ook opgeleide ambagsmanne was.

Hulle taak en opdrag het veel verder gestrek as slegs om siele vir die koninkryk te wen. Opvoeding, nie net skolasties, maar opvoeding in die breër sin van die woord, was een van hul belangrike oogmerke. Hierdeur sou hulle daarin slaag om nie net die inwoners van Genadendal tot 'n Christelike leefwyse oor te haal nie, maar om deur middel van die aanleer van een of ander ambag of beroep mense selfversorgend te maak en 'n breër visie op die toekoms te gee wat hulle in staat sou stel om genoeg te verdien om gerieflik te kan lewe.

Gesien in die lig daarvan dat dit elke goeie skool se taak is om sy leerlinge voor te berei vir die arbeidslewe, kan die pogings wat in hierdie opsig deur die sendelinge aangewend is as baie positief bestempel word. Wat aangeleer was sou dan nie net tot eie voordeel aangewend kon word nie. Daar sou vir hulle loopbane beteken waar hulle, uit 'n Christelike oogpunt gesien, ook hulle naaste tot diens kon wees ten opsigte van hulle kennis en vaardigheid en so ook tot eer van God kon arbei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die oprigting van woonhuise wat vandag nog staan, die historiese geboue op die kerkplein en veral die pragtige kerkgebou is almal monumente tot nagedagtenis aan hulle wat hulle arbeid in diens van die verkondiging van die Woord en die uitbreiding van Sy koninkryk aangewend het.

### 4.1.5 Boerdery

Die doel van opvoeding, naamlik begeleiding tot geestelike volwassenheid, beteken juis 'n sinvolle en selfstandige bestaan. Deur hierdie opvoedingsaktiwiteite is leerlinge sowel as volwassenes gehelp om op selfstandige wyse in die gemeenskap te bestaan en terselfdertyd te voldoen aan die Bybelse eis van eerbare arbeid en mededeelsaamheid aan die wat nie het nie.

Een van die eerste take wat Schmidt na sy aankoms in Baviaanskloof aangepak het, was om die plaaslike inwoners in landbou te laat belangstel. Dit was geen maklike taak nie aangesien die Khoi tradisioneel veeboere was. Hy het egter in sy pogings volhard en spoedig het die inboorlinge die nut van tuinbou ingesien en die grond begin bewerk.

Met die aankoms in 1793 van die drie sendelinge wat Schmidt se werk moes kom voortsit, is opnuut aandag aan hierdie aspek gegee en heel gou is land- en tuinbou op 'n groot en georganiseerde skaal aangepak.

Inwoners het selfversorgend geword wat hulle kosvoorsiening betref en soveel is geproduseer dat oortollige produkte in die omgewing en selfs so ver as die Kaap verkoop kon word. Besoekers aan Genadendal in die 19de eeu was aangenaam verras en baie beïndruk met die netjiese tuine wat hulle daar aangetref het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Vrugtebome is ook op groot skaal aangeplant, wat daartoe gelei het dat 'n florerende droëvrugtebedryf op Genadendal tot stand gekom het.

Veeteelt is ook verbeter en uitgebrei, en groot skeersels wol is jaarliks geskeer.

Selfs 'n Hop- en kasterolieplantasie is aangeplant en tydens 'n landbouskou in Kaapstad in 1886 het Genadendal spesiale pryse ontvang vir sy produkte (supra, Hoofstuk 2: 24).

### 4.1.6 Messemakery en ander bedrywe

Om te voorkom dat inwoners die sendingstasie vir lang periodes verlaat op soek na werk, het die sendelinge besluit dat daar plaaslik werkgeleenthede geskep moes word. Hulle het gevrees dat hierdie lang afwesigheid van die kerk afvalligheid in die hand sou werk en dat dit ook sou beteken dat kinders vir lang tye uit die skool afwesig sou wees.

Oor die tydperk 1817 - 1840 het meer as die helfte van die inwoners hul bestaan as kleremakers, skoenmakers, messelaars, skrynwerkers, mesmakers en leerlooiers gemaak. Onder andere is die pragtigste stoele en ander artikels in die skrynwerkerswinkel gemaak (supra, Hoofstuk 2: 25).

Die mees bekende bedryf en een waarvoor Genadendal sekerlik altyd onthou sal word, is die florerende mesmakery wat tot stand gekom het. 'n Groot verskeidenheid messe is vervaardig, waarvan die bekendste die mes was wat later in die algemene spreektaal as die "herneuter" bekend sou staan. Die messe wat op Genadendal vervaardig is, was nie net hier te lande bekend en gesog nie, maar selfs oorsee. Dit is jammer dat onregverdige mededinging daartoe gelei het dat die bedryf wat eens so florerend was, gesluit moes word en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



baie mense daardeur sonder werk gelaat was (Balie, 1988: 100).

Ander bedrywe het ingesluit kopersmeewerk, wamakery, leerlooiery, matras- en hoedemakery (supra, Hoofstuk 2: 35).

'n Meul is ook opgerig, wat Genadendal selfvoorsienend gemaak het ten opsigte van die maal van koring. Nie net het dit in die behoeftes van Genadendal voorsien nie, maar ook die boere van die omgewing kon van die meul gebruik maak (Balie, 1988: 66).

Ten opsigte van al bogenoemde tuisnywerhede het die sendelinge in hul oogmerk geslaag, naamlik om familieverbrokkeling teen te werk. Deur plaaslike werkverskaffing sou dit nie nodig wees vir die broodwinner en sy seuns en selfs hele families om die sendingstasie te verlaat op soek na 'n heenkome nie.

'n Ander belangrike faktor was ook dat die meeste van die inwoners nou in staat was om 'n ambag of beroep te beoefen wat hulle vir die res van hul lewe selfversorgend sou maak.

Voorbeelde van gebruiksartikels uit hierdie goue era in die geskiedenis van Genadendal is vandag nog in die museum aldaar te sien.

### 4.1.7 Die Sendingmuseum

Die museum moet nie net gesien word as 'n bewaarplek van oudhede uit die verlede nie. Daar moet liewer op die opvoedkundige waarde van die museum gelet word. Behalwe die feit dat dit vir die kind die geleentheid bied om 'n insae te kry in die verlede van die Broederkerk en in besonder dié van Genadendal, word ook met die instandhouding van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



museum beoog dat dit as 'n naslaan van bronne-inrigting moet dien. Leerlinge kan op georganiseerde wyse na die museum gebring word om projekte na te vors. Behalwe die skolastiese waarde wat dit besit, maak dit ook die kind bewus van kunste soos musiek en praktiese vakke soos boukuns, meubelkuns en die drukkuns plus 'n insig in die algemene leefwyse in vorige eeue. Die museum behoort ook 'n trots by die nageslag te wek om hul erfenis te bewaar.

Mettertyd word ook beoog dat die museum nie net as naslaan bron vir laer- en sekondêre leerlinge sal dien nie, maar ook op tersiêre vlak van nut sal wees.

4.1.8 Die Drukpers

Balie gee in sy boek Die Geskiedenis van Genadendal 'n breedvoerige beskrywing in verband met die ontstaan, ontwikkeling en bedryf van die drukpers. Wat hier egter van belang is, is om vas te stel watter opvoedkundige waarde die oprigting en bedryf van 'n drukpers vir Genadendal ingehou het, veral ten opsigte van die druk en verspreiding van geestelike en opvoedkundige lektuur.

Die eerste drukpers is opgerig tydens die bestaansjare van die opleidingskool. Uit 'n pedagogiese perspektief gesien, is die oprigting van 'n drukpers juis in hierdie tyd van besondere belang omdat dit 'n voorbeeld is van koöperatiewe onderwys, waar die driehoekverhouding tussen kind, skool en potensiële werkgewer beklemtoon word.

Die jong seun word deur die skool akademies voorberei, maar terselfdertyd word hy in aanraking gebring met die drukpers waar hy die vaardigheid kan aanleer wat hy dan in sy latere lewe vrugbaar kan aanwend, veral in die gemeenskappe waar hy werksaam sou wees. Terwyl 'n gedeelte van die studente na klas die dorp ingestuur is om behulpsaam te wees met skoen-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



en kleremakery moes die ander by die drukkery behulpsaam wees om die drukkuns aan te leer.

'n Groot aantal geestelike lektuur is gedruk, onder andere traktaatjies vir kinders. 'n Engelstalige blad is ook gedruk waarin allerlei onderwysprobleme bespreek is, soos lesvoorbereiding, lesaanbieding en algemene onderwysaspekte.

Dit is dus duidelik dat die oprigting van die drukpers deur die kerk nie 'n kommersiële oorweging was nie, maar om opvoeding te dien. Deurdat die voorgenoemde lektuur aan alle oud-studente beskikbaar gestel is, het dit hulle op hoogte gehou van die jongste ontwikkelinge op onderwys gebied (Balie, 1988: 140).

4.1.9 Koshuise

Die oprigting van koshuise beide vir primêre en sekondêre leerlinge wat oor Wes-Kaapland versprei is, is seker een van die grootste enkele bydraes wat die Morawiese Broederkerk met betrekking tot opvoeding gemaak het.

Daar is onder andere:
Dan I Wessels Hostel vir skoolkinders op Welgemoed;
Birnbaum Hostel - Houtkloof;
Freda Strassberger Hostel - Esselbank;
Ella Gordon Hostel - Karwyderskraal;
Elizabethfontein Hostel,
Hostel vir skoolkinders - Sondagskloof, en
Elim Tehuis vir verstandelik-gestremde kinders.
(Krüger, 1984: 181)

Al die voorafgaande hostelle bied huisvesting aan hulpbehoewende kinders op afgeleë plekke en aan kinders wat weens die afstand vanaf die naaste skool nooit 'n skool sou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



kon bywoon as dit nie was vir die feit dat hulle in sodanige hostel kon tuisgaan nie. Aangesien die meeste van hierdie kinders se ouers gewone arbeiders is en nie enige fooie kon bekostig nie is kinders kosteloos gehuisves (Krüger, 1984: 181).

Vanweë die aard van hierdie tesis, sal daar vervolgens meer breedvoerig ingegaan word op die oprigting van die twee koshuise vir hoërskoolleerlinge op Genadendal, te wete Herrnhut-Huis en Huis Hester Dorothea.

Dit is betekenisvol om daarop te let dat sedert die oprigting van die koshuise in die vyftigerjare daar 'n geweldige toename in aansoeke tot toelating tot die sekondêre skool van oor die hele land was. Met weinig uitsondering was al die aansoeke vergesel deur 'n versoek dat die leerling in een van die koshuise gehuisves moes word.

Die Genadendal Sekondêre skool, tans bekend as Sekondêre skool Emil Weder, was oor die jare heen bekend as 'n skool wat uitsonderlike akademiese prestasies gelewer het. As die uitslae van veral die laat vyftigerjare en ook die sestigerjare nagegaan word, sal gevind word watter goeie uitslae behaal is. Van die onderwyspersoneel van daardie jare kan net met lof gepraat word. Ten volle toegewyde mense tot die opvoedingstaak.

Sonder om enige afbreuk te doen aan die ywer en toegewydheid van die personeel om 'n hoë akademiese peil daar te stel en te handhaaf, ontstaan die vraag tog onwillekeurig of die atmosfeer van die sendingstasie Genadendal en die invloed van die kerk deur middel van die koshuise nie tot 'n baie hoë mate bygedra het tot hierdie goeie skolastiese prestasie nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



'n Mens het die indruk gekry dat ouers van elders wie se kinders in die koshuise gehuisves was 'n mate van gemoedsrus geniet het, wetende dat die kerk 'n wakende oog oor hul kinders sou hou.

Die koshuisouers met hulle personeel was gekeurde persone met die hoogste integriteit wat streng toesig oor die leerlinge uitgeoefen het.

Op Sondae was van alle koshuisgangers verwag om beide die oggend- en aanddienste by te woon en gereelde môre- en aandseën is gehou. Leerlinge het gereelde studie-ure gehad wat gehandhaaf moes word en van alle inwoners is verwag om streng aan die reëls gehoorsaam te wees.

Daar bestaan min twyfel dat met die handhawing van streng dissipline daar by die leerlinge 'n groot mate van doelgerigtheid ontwikkel is en 'n duidelikheid oor wat hy behoort te ken, te kan, te wil en te doen, hoe hy hom behoort te gedra en hoe nie (Gunter, 1975: 64).

Daar is nie gehuiwer om gesag en dissipline toe te pas as 'n koshuisganger sou oortree nie, maar dit is altyd gedoen ooreenstemmend die pedagogiese kriterium van "ferme of strenge dog simpatieke dissipline op 'n verstandige, versigtige, billike en menswaardige wyse." (Gunter, 1975: 70).

Daar kan dus met oortuiging gesê word dat die bestaan van die koshuise in 'n baie groot mate bygedra het tot die goeie akademiese uitslae en karakterbou gemeet aan die welslae wat baie van die oud-koshuisgangers in hul volwasse lewe behaal het. Daar kan aanvaar word dat die bydrae van die koshuise veel dieper gegaan het as slegs skolastiese prestasies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die kerk het deur middel van sy koshuise daarin geslaag om dissipline by die leerlinge te kweek wat tot selfdissipline in hul latere lewe gelei het. Die Christelike norme wat aan hulle voorgehou is, het sekerlik tot hul karakteropbouing bygedra. Dit is verblydend om te hoor met hoeveel deernis daar deur oud-leerlinge gepraat word van hul jare in die koshuis, streng reëls ten spyt. Met weinig uitsondering is die gevoel dat dit vir hulle goed was om daar te wees.

Dit is jammer dat daar later 'n mate van afplatting plaasgevind het, asof koshuisreëls nie meer met dieselfde nougesetheid toegepas is nie. 'n Bydraende faktor vir dié verslapping kan moontlik daarin gevind word dat weens 'n besluit van die Onderwysdepartement geen losiesbeurse meer aan leerlinge wat nie die naaste skool aan sy ouerhuis besoek, toegestaan word nie. Meer sekondêre skole op die plattelandse dorpe is opgerig, met die gevolg dat die akademiese gehalte van die leerlinge wat toelating tot die skool gesoek het ook nie meer dieselfde was nie.

In die afgelope aantal jare was die aansoeke vir toelating tot die skool hoofsaaklik beperk tot kinders uit stede met een of ander sosiale probleem. Weinig, indien enige, van hierdie aansoeke is afgekeur omdat die skool ook in hierdie opsig tot diens van opvoeding wou wees deurdat daar vir hierdie kinders, wat dikwels die slagoffers van omstandighede buite hulle beheer was, 'n verankerdheid in die lewe gebied wou word deur hulle te aanvaar in hulle andersheid, dit is soos hulle is. Geoordeel aan terugvoering wat ontvang is, blyk dit dat baie van dié leerlinge vandag hulle plek volstaan in die samelewing waarin hulle hul bevind.

Die Morawiese Broederkerk kan sekerlik met trots terugkyk op baie jare van geseënde werk en die waardevolle bydrae wat dit gelewer het ten opsigte van opvoeding van nie net sy eie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



lidmate, nie maar ook dié van ander kerkgenootskappe en gelowe.

Gemeet aan die voorafgaande kom 'n mens dus tot die slotsom dat die Morawiese Broederkerk en veral op Genadendal daarna gestrewe het om 'n volle vennoot in die opvoedingsgebeure te wees en alles in sy vermoë probeer doen het om die Godgegewe opdrag uit te voer: "Laat My lammers wei .... Pas my skape op" (Joh 21: 15 - 16).

Of die kerk in die toekoms steeds daarin sal slaag om soos in die verlede in noue vennootskap met die skool saam te werk om 'n ware Christelike opvoedingsisteem te handhaaf, sal slegs die tyd kan leer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## HOOFSTUK 5

## 5. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN TOEKOMSPERSPEKTIEF

### 5.1 Samevatting

Daar bestaan 'n ontiese verband tussen verlede, hede en toekoms en daarom is die verlede nooit verby as 'n gedane saak nie. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die mens ook deur middel van sy opvoeding uit die verlede in die hede en vir die toekoms leef (De Vries et al., 1982: 3).

In die lig van hierdie uitspraak is daar in hierdie studie gekyk na die rol wat die Morawiese Broederkerk as opvoedingsvennoot in die verlede gespeel het. Daar word egter nie hiermee volstaan nie en daarom word die aandag ook gevestig op sy rol in die toekoms.

Nie alleen vir die kind nie, maar ook vir die volwassene bestaan die verlede, die hede en die toekoms nie in afgeslote tydperke nie. In die vorm van tradisie is die verlede in die hede teenwoordig, terwyl die mens ook elke dag aan sy eie verlede sin gee deur die wyse waarop hy die verlede soos dit in sy lewe gestalte aangeneem het, in die hede teenwoordig stel en sekerlik ook met die oog op die toekoms sal doen (De Vries et al., 1982: 103).

Die Morawiese Broederkerk het ongetwyfeld 'n ryk tradisie wat hy uit die verlede opgebou het deur sy bemoeienis as opvoedingsvennoot van die skool, 'n tradisie waarop hy trots kan wees (vide supra, hoofstuk 2).

Om slegs te roem op die verlede sonder om te bevraag en te besin oor die toekoms sou egter geen doel dien nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die kerk het 'n duidelike roeping ten opsigte van opvoeding gehad. Nou staan die kerk voor 'n keuse ten opsigte van sy rol in die toekoms. Die kerk moet besluit of hy nog gemoeid gaan wees met die omhoogleiding van die kind in die hedendaagse samelewing en onder die heersende omstandighede. Dat kerk en skool tot hiertoe besliste vennote van mekaar was, kan nie meer betwyfel word nie. Elk het sy rol gespeel en 'n bydrae gemaak ten opsigte van die opvoeding van die kind (vide supra, Hoofstuk 2).

Dat die skool se taak ten opsigte van opvoeding nooit sal ophou nie, is vanselfsprekend. Die kerk sal egter moet besin oor sy rol in die toekoms. Die feit kan nie weg geredeneer word nie dat die kerk, as hy sy bestaan wil regverdig, altyd die plig sal hê om om te sien na die geestelike opvoeding van sy lidmate.

Tweehonderd-en-vyftig jaar gelede het die Morawiese Broederkerk gehoor gegee aan die opdrag van God om uit te gaan en bekeringswerk onder die heidene te doen. Hierdie opdrag het die kerk ten spyte van baie terugslae en opoffering probeer uitvoer. Die kerk het sy roeping nie net gesien om siele vir die Koningkryk te wen nie, maar ook om op te voed en daardeur sy lidmate tot selfstandige en selfversorgende persone te lei.

Oor die hele land en in besonder op Genadendal is die bewyse sigbaar van dit wat die kerk probeer doen het en nog steeds doen, veral op die gebied van opvoeding en onderwys. Oor die jare heen het die kerk daarna gestrewe om nie net aandag te gee aan die akademiese opvoeding van kinders nie, maar daar is ook gestrewe na praktiese opvoeding en om die kind bewus te maak van die estetiese deur middel van kultuuroordrag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die doel van die tesis was om aan te dui in hoeverre die kerk in sy doel geslaag het.

Daar moet vir geen oomblik gedink word dat die pad wat die kerk oor die afgelope 250 jaar gevolg het altyd net een van voorspoed was nie. Reeds sedert die aanvang van sy werk in 1737 was daar teenkanting teen die vestiging van 'n sendingstasie te Genadendal. Afvalligheid het dikwels voorgekom en die geografiese verspreiding van lede van die kerk het dikwels daartoe bygedra dat die werk nie na wense gevlot het nie.

Politieke druk het ook dikwels 'n nadelige uitwerking op die werk van die kerk gehad. Onenigheid en twis onder lede van die kerk ten opsigte van kerkbeheer en -bestuur het ook 'n nadelige invloed op die ontwikkeling van die werk gehad. Daar is ook bewyse gevind dat baie waardevolle geleentheid vir kennisoordrag sodoende vir die nageslag verlore gegaan het. Daar is ook gevind dat daar tans 'n groot mate van geestelike afplatting en oppervlakkigheid, gemeet aan die verlede, ingetree het. Dieselfde norme waardeur die sendingstasie, en veral Genadendal, gekenmerk was, word ook nie meer gehandhaaf nie.

## 5.2 Gevolgtrekking

Wanneer die belangrikheid van die opvoeding en onderwys gestel word teen hedendaagse tendense en veranderde lewensbeskouings wat ondervind word, en die uitdagings wat deur die moderne samelewing aan die onderwys gestel word, moet daarop gewys word dat iets wat op die gebied van opvoeding en onderwys nagelaat word, nie maklik weer herstel kan word nie. Daarom kan dan ook verklaar word dat daar geen terrein is waarop die kerk deur sy inspanning of nalatigheid so diep in die lotsbepaling van die toekomstige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



mensheid ingryp as dié van die opvoeding en onderwys nie (De Vries et al., 1982: 119).

Dit kom dus daarop neer dat indien die kerk sy betrokkenheid by opvoeding sou prysgee, die invloed wat hy in die verlede gehad het, nie weer maklik, indien ooit, herwin sal word nie.

By die evaluering van omstandighede vandag, gemeet aan die verlede, moet na ons oordeel die volgende faktore wat moontlik 'n invloed daarop kon gehad het, in aanmerking geneem word.

5.2.1 Geografiese verspreiding

In die vroeë geskiedenis van Genadendal word ons herinner aan die feit dat lang tydperke van afwesigheid deur inwoners van die sendingstasie in hul soeke na geskikte werk 'n bron van kommer vir die sendelinge was, omdat dit afvalligheid van die kerk in die hand gewerk het (vide supra, Hoofstuk 2).

Dit is moontlik ook vandag nog 'n bydraende faktor tot die situasie dat die gemeenskap nie meer so 'n hegte eenheid is nie. Net soos destyds, moet inwoners vandag nog Genadendal verlaat op soek na geskikte werk. Dit het veral betrekking op die jonger geslag en skoolverlaters.

Daar is weinig of geen werksgeleenthede op Genadendal nie en mense moet noodgedwonge die gebied verlaat om elders 'n heenkome te soek. Dit het 'n nadelige uitwerking op die gesinslewe en het dikwels die verbrokkeling van die huisgesin tot gevolg. Dit is dus vanselfsprekend dat die kerk ook nie meer dieselfde invloed oor sy lede, wat nou wyd verspreid woon, kan uitoefen soos voorheen nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Vreemde wêreldse invloede waarmee veral die jeug, weg van hul ouerhuis, in aanraking kom en wat hedendaags algemeen as aanvaarde norme beskou word, het ook 'n afplatting in geestelike waardes tot gevolg. Dit het 'n baie besliste uitwerking op die jeug en dus ook op opvoeding en onderwys.

5.2.2 Die kerk se standpunt ten opsigte van onderwysbeleid en enkele knelpunte wat aangespreek behoort te word

Alhoewel daar begrip getoon moet word vir die kerk se besorgdheid dat geestelike waardes gehandhaaf en Godsdiens nie in sy skole verwaarloos word nie, en hy dus hoofsaaklik predikante as hoofde van skole in selfstandige gemeentes aangestel het, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie beleid tot 'n mate bevraagteken kan word.

Dit het wel 'n geldelike besparing vir die kerk beteken omdat sulke leraar-skoolhoofde slegs gedeeltelik deur die kerk vergoed is. Dit laat egter die vraag ontstaan of dit nie tot gevolg gehad het dat 'n groot aantal belowende en bekwame opvoeders die kerkskole verlaat het weens 'n gebrek aan bevorderingsgeleenthede nie.

'n Verdere bevinding volgens die navorser, is dat meer daadwerklike pogings aangewend moes gewees het om Genadendal as opvoedkundige sentrum te behou. Gedagtig aan die waardevolle werk wat gedoen is ten opsigte van onderwys ontstaan die vraag of daar nie meer druk op die regering van die dag uitgeoefen moes gewees het vir finansiële steun nie. Die kerk het immers vir baie jare in 'n behoefte voorsien waarvoor die staat nie voorsiening gemaak het nie.

'n Verdere aspek wat in ons studie na vore gekom het, is die skynbare verwaarlosing van kultuuroordrag. Die Morawiese Broederkerk het oor die jare bekendheid verwerf vir die hoë

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



prioriteit wat op die opleiding van musici geplaas is. Hierdie posisie het drasties verander en in baie gemeentes word tans probleme ondervind om geskikte orreliste en koorleiers te vind (vide supra, Hoofstuk 2).

Dit sal jammer wees dat as gevolg van die gebrek aan behoorlike voorsiening in hierdie verband, hierdie waardevolle kultuurskat in die bestaan van die Broederkerk verlore moet gaan. Daadwerklike pogings sal aangewend moet word om in hierdie verband die glorie van die verlede te laat herleef.

5.2.3 Bewaringsbewustheid

Die Broederkerk, en in besonder Genadendal, het en beskik nog steeds, oor uiters waardevolle kultuurskatte uit sy verlede.

Dit is egter jammer dat eers so onlangs as 1987 daadwerklike pogings aangewend is om die waardevolle erfenis in 'n behoorlike museum te huisves.

As gevolg hiervan het oor die jare heen waardevolle artikels wat die verlede uitbeeld, verlore gegaan deurdat oudhede-jagters uit die stede dit vir 'n appel en 'n ei opgeraap het. Hierdie museum moet nie slegs gesien word as 'n bewaarplek vir oudhede uit die verlede nie, maar het ook baie besliste opvoedkundige waarde. Kinders kan deur middel van besoeke aan die museum 'n blik kry op die leefwyse van hul voorvaders, maar belangriker nog, dit kan 'n kultuurbewustheid by hulle wek, asook 'n liefde vir die estetiese.

'n Ander onrusbarende waarneming is die merkbare geestelike verflouing wat vandag by die jeug te bespeur is. Swak kerkbywoning deur leerlinge van die skool, swak bywoning van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



die Sondagskool en die baie klein getal kinders wat aan die Seuns- en Dogter- Brigades behoort, is onrusbarend. Ook wat deelname aan die aktiwiteite van die basuin- en kerkkoor betref, is daar 'n mate van gebrek aan belangstelling waarneembaar. Sekerlik die mees onrusbarende faktor is die geweldige styging in die getal swangerskappe onder jong meisies van skoolgaande ouderdom.

Hierdie toedrag van sake kan seker nie sonder meer afgemaak word as tekens van die tyd nie. Dit is aktuele probleme wat ernstig aangespreek moet word om te verseker dat ons kinders geestelik gesond en paraat bly, want hulle is immers dié mense op wie die toekoms van die kerk en die gemeenskap gebou word.

Tot 'n groot mate kan die oorsaak vir hierdie toedrag van sake in die sosio-ekonomiese omstandighede waarin hierdie mense leef, gevind word.

Dit ten spyte maak dit die verantwoordelikehid van die kerk soveel groter om ook alles in sy vermoë te doen om in hierdie opsig opvoedingswerk te doen en te help verseker dat ons jeug weer op die regte pad geplaas word, met die oë gerig op Jesus Christus die einddoel (Hebr 12: 1).

'n Laaste aspek wat deur die ondersoek blootgelê is, is die hedendaagse gebrek aan ambagsopleiding.

Pedagogies gesien, is dit een van die eise wat aan die opvoeding en onderwys gestel word om te sorg vir sowel individualisering as differensiasie in sy onderwys. Die demokratiese skool het die moeilike taak om enersyds te voorsien in die gemeenskaplike behoeftes van al sy leerlinge en andersyds ook te sorg dat die geleenthede wat hy bied gedifferensieerde geleenthede is wat die individuele verskille tussen kinders in ag neem en aan elkeen reg laat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



geskied sodat hy sy aangebore moontlikhede ten volle kan verwerklik (Gunter, 1972: 217).

In die lig hiervan is dit 'n aangeleentheid waaraan aandag geskenk behoort te word. Net soos dit in die verlede die geval was, waar die kind opgelei is om na sy eie vermoë te ontwikkel en selfversorgend te wees, en boweal om deur sy kennis en vaardigheid op vakgebied sy medemens tot diens te wees en daardeur ook die wil van God uit te voer, behoort dit vandag ook nog die geval te wees.

5.2.4 Staatsbeleid wat stremmend ingewerk het op die ontwikkeling van onderwys in kerkskole

Dit is reeds gemeenplasige kennis dat sedert die heel vroegste jare verskillende kerkgenootskappe hulle daarvoor beywer het om opvoeding aan die inheemse bevolking te verskaf.

Dit is ook algemeen bekend dat die kerke geweldige finansiële laste op hulself geneem het met onderwysverskaffing. Aanvanklik moes die kerke in alle behoeftes van die skool voorsien. Mettertyd het die staat sommige van hierdie pligte oorgeneem. Na ons oordeel moes die kerkgenootskappe egter te lank gebuk gaan onder hierdie finansiële las, wat eintlik die staat se verantwoordelikheid was.

Ontoereikende huurgeld wat deur die staat aan die kerke betaal is, kan ook as 'n stremmende faktor gesien word, want 'n meer realistiese vergoeding sou die kerke in staat gestel het om nog beter fasiliteite ten opsigte van onderwys daar te stel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



'n Verdere aspek wat hier genoem moet word, is die uitwerking wat die Groepsgebiedewet op onderwys gehad het. Veral die skole in die stedelike gebiede is hierdeur geraak.

Vele skole, onder andere ook dié van die Broederkerk, moes as gevolg hiervan sluit. Baie van die geboue staan vandag nog as 'n herinnering aan 'n era wat vir altyd tot die verlede behoort. Alhoewel dit op Genadendal nie so 'n direkte uitwerking gehad het nie, kan die gevolge van hierdie grootskaalse verskuiwings van families tog ook daar waargeneem word. Weens die ontwrigting wat veroorsaak is deur die verskuiwing van gevestigde families, het dit dikwels tot gevolg gehad dat kinders na grootouers in Genadendal gestuur moes word, omdat daar vir hulle nie meer huisvesting was nie.

Hierdie situasie was en is nog steeds nie bevorderlik vir 'n hegte familieverband en is allermins bevorderlik vir goeie orde en dissipline wat sekerlik in enige goeie opvoedingsisteem ingebed moet wees.

Nieteenstaande sommige negatiewe aspekte waarop afgekom is, is daar tog ook genoegsame bewyse gevind dat die simboliese peerboom wat 250 jaar gelde deur Georg Schmidt in Genadendal geplant is, gebloei het en nog steeds vrugte dra.

## 5.3 Toekomsperspektief

Die temporaliteitspedagogiek ontleed of bevra die hede, vertrek vanuit die hede, maar skou ook na die verlede vir soverre die verlede antwoorde kan verstrek op die vrae en die probleme van die hede. Hy beskou egter nie net die hede en die verlede as belangrik nie, maar veral ook die toekoms (Pienaar, 1988: 3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Geeneen van hierdie tydsmodi het enige opvoedkundige betekenis as verlede, hede en toekoms nie saam gesien en bedink word nie.

Die kerk en die skool weet dus watter pad hulle saamgeloop het. Hulle weet wat die posisie vandag is, maar wat hou die toekoms in? Waarheen is hulle op pad?

Daar is vroeër in die hoofstuk sekere knelpunte aangeroer wat in die toekoms deur die kerk en die skool aangespreek sal moet word; vrae waarop antwoorde gevind sal moet word. Foute wat in die verlede begaan is, sal onder die loep geneem moet word sodat daarop verbeter kan word vir 'n beter toekoms. In Pienaar se intreerede getiteld: "Die Temporaliteitspedagogiek" haal hy soos volg aan ten opsigte van die mens se temporaliteitsvisie: "Having seen what has come to pass he can see ahead only because of the light that makes present in him things already seen." (Pienaar, 1988: 3).

Huidige omstandighede in ag geneem, is daar seker niemand vandag wat nie die toekoms met 'n mate van huiwering tegemoet gaan nie. Dit geld ook vir kerk en skool.

Heelwat persoonlike onderhoude en gesprekke is met opvoeders en ouers oor hierdie aangeleentheid gevoer om te probeer vasstel wat hulle siening is oor die moontlike toekomstige vennootskap tussen kerk en skool.

Die persone wat hierby betrek is, is oud- en huidige onderwysers van Genadendal en Kaapstad, sommige waarvan vandag self hoofde van skole is. Dieselfde geld ook vir ouers met wie gesprekke gevoer is en wat later bereid was om 'n vraelys in te vul, waaronder, interessant genoeg, ook 'n Moslem-familie val.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Ongeveer 50 vraelyste is uitgereik waarvan 45 terug ontvang is.

Op die vraag waarom hulle, alhoewel hulle 'n keuse gehad het, besluit het om 'n kerkskool en meer spesifiek 'n Morawiese skool, by te woon, was die antwoord sonder uitsondering dat hul ouers wou toesien dat hulle solank moontlik onder die invloed van die kerk bly.

Daaruit moet afgelei word dat die ouer geglo het dat die kerk as vennoot van die skool gehelp het of kan help in die karaktervorming en geestelike ontwikkeling van sy kind. Die gehalte van onderwys in hierdie skole was, volgens alle respondente, van 'n baie hoë gehalte. Op die vraag of Godsdiens oorbeklemtoon was ten koste van akademiese vakke was die antwoord onomwonde nee.

Op 'n verdere vraag of die godsdienstige inslag van die skool enige blywende invloed op hulle volwasse lewe gehad het, was die antwoord van al die respondente bevestigend.

Op die vraag of na die respondente se mening godsdiens nog plek het in die hedendaagse skoolopset is 'n baie positiewe reaksie verkry. Al vyf en veertig van wie vraelyste terug ontvang is, was baie beslis hieroor, naamlik dat Godsdiens wel 'n plek het. Ongeveer 20 van die respondente was in hul twintigerjare en van alma' is 'n positiewe antwoord ontvang. Op die laaste vraag of na hul mening die kerk vandag nog en veral in die toekoms betrokke moet wees by opvoeding en onderwys is baie insiggewende en bemoedigende antwoorde, uit die kerk se oogpunt, ontvang.

Slegs drie het geantwoord dat onderwys en opvoeding die uitsluitlike taak en verantwoordelikheid van die staat is, terwyl twee en veertig van die respondente dit eens was dat in soverre dit die verskaffing van fasiliteite en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



finansiering betref, dit die plig en taak van die staat is. Daar kan nie van die kerk verder verwag word om hierdie diens te lewer met die beperkte finansiële bronne tot sy beskikking nie. Maar dat die kerk betrokke moet wees en bly en sy invloed moet laat geld by die omhoogleiding van die jeugdige na volle volwassenheid, lei geen twyfel nie.

Uit 'n persoonlike onderhoud wat met Eerw M J R Wessels, voorsitter van die Streekbestuur van die Morawiese Broederkerk in Suid-Afrika Wes, gevoer is, het die volgende geblyk:

Luidens 'n Sinodale besluit in 1974 met betrekking tot onderwysverskaffing deur die Broederkerk is daar besluit dat geen verdere uitbreiding aan skole in stedelike gebiede onderneem sou word nie. Waar omstandighede dit noodsaak, sal skole uitgefaseer word, maar onder geen omstandighede sal skole gesluit word solank daar 'n behoefte bestaan of dit deur die staat daartoe verplig word nie.

Wat die sendingstasies betref, sal die kerk sy betrokkenheid by onderwysvoorsiening en die opvoeding van sy kinders baie beslis nie prysgee nie. Die kerk het 250 jaar gelede geroepe gevoel om nie net siele vir die Koningkryk van God te wen nie, maar ook om mense op te voed tot volle selfstandigheid. Hy voel homself nog steeds daartoe geroepe.

By die Tiende Sinode van die Evangeliese Broederkerk in Suid-Afrika (Westelike Streek) gehou te Gelvandale, Port Elizabeth, in September en Oktober 1988 is die volgende voorstel ingedien en met 'n groot meerderheid aanvaar:

"Ons stel voor dat 'n komitee van skole in die lewe geroep word wat die moontlikheid sal ondersoek om 'n Morawiese kerkskool/skole op senior sekondêre vlak tot stand te bring

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



en dat 'n integrale deel van die skoolkurrikulum ook musiek insluit. Die kommissie se verwysingsraamwerk behoort die volgende in te sluit: Maatskaplike en politieke implikasies; lewensvatbaarheid; personeel; akkommodasie; losies; kurrikulum; sport- en ontspanningsgeriewe, ens." (Sinode Agenda, 1988).

Dit is verblywend dat die kerk bewus is van leemtes en bereid is om probleme aan te spreek, veral met betrekking tot opleiding in musiek, die moontlike oprigting van koshuise en 'n kurrikulum wat voorsiening kan maak vir praktiese opleiding.

Met die aanname van hierdie voorstel het die kerk sy standpunt duidelik gestel, waar hy staan ten opsigte van die opvoeding van sy opgroeiende jeug, beide op primêre en sekondêre vlak, en meer as ooit tevore voel die kerk homself daartoe verbind om net soos in die verlede baie aktief betrokke te wees by opvoeding en onderwys.

Die kerk sien nie slegs sy roeping en betrokkenheid by onderwys in die lig van karaktervorming en geestelike verryking nie, maar wil ook langs hierdie weg sy kinders deur die geloof lei tot 'n beter bedeling vir al die kinders van God in die land van hul geboorte.

Die kerk besef sy verpligtinge en het hom daartoe verbind om as vennoot van die skool 'n beter toekoms vir sy kinders te bou, steeds te sorg vir die geestelike opbou van sy lidmate en te help om die kind nie net akademies paraat te hou nie, maar hom of haar altyd te laat besef dat hulle kinders van God is en volgens die Wil van God moet lewe.

Daar kan met innige dank en waardering terug gekyk word na die lange jare van getroue diens wat die kerke, in besonder die Morawiese Broederkerk, aan opvoeding in Suid-Afrika

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gelewer het, en daar kan slegs gehoop word dat die kerk ook in die toekoms met dieselfde doelgerigtheid en getrouheid die skool sal onderskraag in die opvoeding en onderwys van ons kinders.

Die Broederkerk het pas sy 250ste bestaansjaar in Suid-Afrika herdenk. Met die bereiking van hierdie besondere mylpaal in sy werksaamhede het dit hom 'n gulde geleentheid gebied om in retrospeksie sy verlede te bedink. Waar daar egter aan die verlede gedink word, tree hede en veral die toekoms ook sterk op die voorgrond. Hoe groter die verlede, hoe groter is die uitdaging wat die toekoms aan die kerk stel.

Daar word geglo dat die kerk in opdrag van en in uitvoering van die Woord van God hierdie uitdaging sal aanvaar.

Daar word geglo dat die Hemelse Vader wat tot hiertoe die kerk gelei en in genade gedra het, ook sal sorg dat die kerk in die toekoms, ongeag watter uitdagings die opvoedingstaak aan hom mag stel, opgewasse vir sy taak sal wees.

Mag ouers, skool en kerk as vennote, aanvullend tot mekaar, daartoe bydra dat as sy lede eendag voor die Genadetroon van God verskyn, hulle met vrymoedigheid kan sê: "Hier is ek en die kinders wat God my gegee het." (Heb 2: 13).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## BRONNELYS

### A. BOEKE

**Balie, I.** 1988. Die Geskiedenis van Genadendal 1738 - 1988. Kaapstad: Perskor.

**Bavinck, et al.** Datum onbekend. Christendom en Opvoeding. Amsterdam: Baarn-Hollandia Drukkerij.

**Behr, A.L. & Macmillan, R.G.** 1971. Education in South Africa (Second Edition). Pretoria: Van Schaik.

**Coetzee, J.C.** 1958. Onderwys in Suid-Afrika. Pretoria: van Schaik.

**Coetzee, J.C.** 1970. Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde. Johannesburg: Voortrekkerpers.

**De Boer, J. & Temmers, E.M.** 1987. The Unitas Fratrum. Kaapstad: A B C Pers.

**De Vries, C.G.** et al. 1982. Drie Pedagogiese Perspektiewe. Durban: Butterworth.

**De Vries, C.G.** 1985. Oriëntering in die Fundamentele Opvoedkunde. Stellenbosch: UUB.

**Gunter, C.F.G.** 1970. 'n Christelik Georiënteerde Opvoedingsfilosofie. Stellenbosch: UUB.

**Gunter, C.F.G.** 1975. Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde. Stellenbosch: UUB.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Krüger, B.** 1966. The Pear Tree Blossoms. Genadendal: Genadendalse Drukkery.

**Krüger, B. en Schaberg, P.W.** 1984. The Pear Tree Bears Fruit. Genadendal: Genadendalse Drukkery.

**Landman, W.A.** 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban: Butterworth.

**Odendal, F.F. (red).** 1985. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg: Perskor.

**Pistorius, P.** 1975. Gister en Vandag in die Opvoeding. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

**Pistorius, P.** 1976. Kind in ons Midde. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

**Power, E.J.** 1962. Main Currents in the history of Education. New York: Mcgraw-Hill.

**Schmidt, L.R.** 1935. Terugblik. Genadendal: Genadendalse Drukkery.

**Schmidt, L.R.** 1941. Opvoeding. Genadendal: Genadendalse Drukkery

**Van der Walt, J.L. en Dekker, E.I.** 1982 - 1983. Fundamentele Opvoedkunde vir Onderwysstudente. Silverton: Promedia Publikasies.

**Van der Walt, J.L.** 1983. Oor Opvoeding in 'n Neutedop. Silverton: Promedia Publikasies.

**Van Zyl.** 1973. Opvoedkunde Deel I. Braamfontein: Boekhandel De Jong.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Van Wyk, J.H.** 1979. Strominge in die Opvoedingsteorie. (Versamel en van 'n inleiding voorsien deur J.L. van der Walt). Durban: Butterworth.

**Weinlich, J.R.** 1966. The Moravian Church through the ages. Bethlehem: Comenius Press.

## B. TYDSKRIFARTIKELS

**Greyling, E.** Ons Kerk en die Kind. Die Kerkbode, Januarie 1969.

**Kritzinger, J.H.** Die aandeel van ons Kerk in die Opvoeding van ons volk. Die Kerkbode, Desember 1737.

**Malherbe, E.G.** Die bydrae van die N.G. Kerk tot die onderwys in Suid-Afrika. Die Kerkbode, November 1927.

**Van Rensburg, N.** Die bydrae van die Kerk tot Christelik-Nasionale Onderwys. Gereformeerde Vaandel, April/Mei 1949.

## C. TYDSKRIFTE

Koers, Augustus 1955.

## D. NUUSBLAAIE

Die Burger, 25 Februarie 1989.

Die Huisvriend, Februarie 1989.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## E. ONGEPUBLISEERDE STUKKE


Agenda van die Morawiese Broederkerksinode gehou te Port Elizabeth, 1988.

Algemene Jeugkommissie van die N.G. Kerk, 1984.

**Basson, A.J.** 1988. "Christendom en Kommunisme: 'n Vergelykende Studie." Klasaantekeninge vir Opvoedkunde-studente. Universiteit van Stellenbosch.

**Behr, A.L.** 1952. Three centuries of Coloured education: historical and comparative studies of the education of the coloured people in the Cape and the Transvaal 1652 - 1950. D Ed-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Hoër Christelike Onderwys.

**Pienaar, J.J.** 1988. Die Temporaliteitspedagogiek. 'n Waarheid en Sinsoekende begronding. Intreerede gelewer met die aanvaarding van die amp hoogleraar in Opvoedkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika op 13 September 1988.

**Schreuder, J.D.** 1951. Die Opvoedkundige bedrywighede van die Morawiese Broederkerk onder die kleurlinge in Suid-Afrika: 1737 - 1749; 1792 - 1950. Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

**Visser, F.M.** Die problematiek van die eietydse leefwêreld en 'n Christelike opvoeding se antwoord daarop. M Ed Tesis. Stellenbosch 1982.